

## GRONDWET VAN DIE SASF – SOOS VAN KRAG OP 29 NOVEMBER 2008

### SEKSIE 1

### WOORDBEPALINGS

#### Artikel 1

**Soos bepaal in die grondwet beteken:**

#### Artikel 1.1

##### **Administratieweraad**

Die administratieweraad van die SASF soos aangestel volgens die bepalings van die grondwet.

#### Artikel 1.2

##### **Geaffilieerde-assosiaat stoeiverenigings**

Stoei- of ander sportverenigings wat by die SASF geaffilieer is in terme van sekere bepalings van die grondwet en waaroor die SASF nie dieselfde beheer kan uitoefen as oor ander geaffilieerde stoeiverenigings soos in artikel 1.3 genoem, as gevolg van die aard en samestelling van sodanige stoeiverenigings en beperkende bepalings in hulle grondwette en/of spesiale voorwaardes in terme waarvan hulle gestig is, as gevolg van die bestaan van 'n toepaslike statuut.

#### Artikel 1.3

##### **Geaffilieerde stoeiverenigings**

Stoeiverenigings wat by die SASF geaffilieer is in terme van die grondwet en waaroor die SASF volle beheer kan uitoefen in terme van die grondwet (en in die afwesigheid van enige toepaslike statuut).

#### Artikel 1.4

##### **Appêlkomitee**

Die appêlkomitee soos saamgestel volgens die bepalings van die grondwet.

#### Artikel 1.5

##### **Assosiaatlid/lede**

'n Stoeivereniging soos in artikel 1.2 omskryf.

#### Artikel 1.6

##### **Bylaes**

Bylaes mag enige komitee reëls, reëls, beleidsdokumente, administratiewe dokumente, gedragkode, en tugkode, ens. insluit, soos van tyd tot tyd gewysig en gepromulgeer deur die uitvoerende bestuur, asook soos gemagtig deur die grondwet, wat ondersteunend en aanvullend is tot die grondwet.

#### Artikel 1.7

##### **United World Wrestling Africa**

The Continental Governing body for the sport of wrestling

#### Artikel 1.8

##### **Afrigter**

'n Afrigter soos omskrywe volgens die bepalings van die grondwet.

#### Artikel 1.9

##### **Afrigtersraad**

Die afrigtersraad van die SASF, soos saamgestel volgens die bepalings van die grondwet.

#### Artikel 1.10

##### **Gedragkode**

Gedragkode van die SASF soos vervat in die bylae tot die grondwet.

#### Artikel 1.11

##### **Komitee**

Enige komitee, subkomitee, raad of bestuur van die SASF saamgestel of verkies in terme van die bepalings van die grondwet.

- Artikel 1.12            Grondwet**  
Die grondwet van die SASF soos van tyd tot tyd gewysig en ondersteun deur bylaes, soos omskryf in die grondwet.
- Artikel 1.13            CWA**  
“Commonwealth Wrestling Association”.
- Artikel 1.14            Geskrap**
- Artikel 1.15            Tugkode en Reëls**  
Die tugkode en reëls soos na verwys in die bepalings van die grondwet.
- Artikel 1.16            Uitvoerende bestuur**  
Die uitvoerende bestuur van die SASF soos saamgestel volgens die bepalings van die grondwet.
- Artikel 1.17            Uitvoerende bestuurskomitee**  
Die uitvoerende bestuurskomitee van die SASF soos saamgestel ooreenkomstig die bepalings van die grondwet.
- Artikel 1.18            UNITED WORLD WRESTLING**  
Die internasionale beheerliggaam vir die sport van stoei
- Artikel 1.19            Verbode tegniek/handeling**  
‘n Verbode tegniek/handeling soos omskryf in die grondwette, regulasies, regelemente, beleidsdokumente en/of omsendskrywes van United World Wrestling en/of die IOK en/of SASKOK, asook soos deur die SASF gepromulgeer is. Die gebruik of inname van verbode middels soos deur UNITED WORLD WRESTLING en die IOK bepaal, is spesifiek ingesluit sonder om van die algemene bedoeling van voorgenoemde af te wyk.
- Artikel 1.20            Algemene bestuur**  
Die algemene bestuur van die SASF, soos saamgestel volgens die bepalings van die grondwet.
- Artikel 1.21            Regsadvieskomitee**  
Die regsadvieskomitee soos saamgestel volgens die bepalings van die grondwet.
- Artikel 1.22            Regsgeldende**  
Regsgeldende dui op enige aspek wat bindend op die lede van die SASF in terme van die grondwet sal wees.
- Artikel 1.23            Bemerkings en Mediakomitee**  
Die bemerkings en mediakomitee van die SASF soos saamgestel volgens die bepalings van die grondwet.
- Artikel 1.24            Gesondheid, Veiligheid en Sekuriteitraad**  
Die Gesondheid, Veiligheid en Sekuriteitraad van die SASF soos saamgestel volgens die bepalings van die grondwet.
- Artikel 1.25            SASKOK**  
“SA Sportkonfederasie en Olimpiese Komitee”.

- Artikel 1.26**            **Ampsdraer**  
Enige verkose/gekoöpteerde lid wat ingevolge die grondwet en grondwette van die geaffilieerde stoeiverenigings en klubs verkies of gekoöpteer is en/of, waar van toepassing, as sulks geregistreer is.
- Artikel 1.27**            **Amptenaar/organiseerder**  
‘n Amptenaar/organiseerder soos bepaal volgens die bepalings van die grondwet.
- Artikel 1.28**            **Beampte**  
‘n Beampte soos bepaal volgens die bepalings van die grondwet.
- Artikel 1.29**            **Beampteraad**  
Die beampteraad van die SASF soos saamgestel volgens die bepalings van die grondwet.
- Artikel 1.30**            **Beplanningskomitee**  
Die beplanningskomitee van die SASF soos saamgestel volgens die bepalings van die grondwet.
- Artikel 1.31**            **Promulgasie**  
Promulgasie van enige artikel, reëls of beleid sal as behoorlik gepromulgeer beskou word nadat sodanige artikel, reëls of beleidsbesluit, waar van toepassing, deur die toepaslike SASF gesag, deur middel van ‘n offisiële SASF omsendskrywe, of die betrokke gewysigde artikel, reël of beleidsdokument, aan die lede van die SASF gekommunikeer is.
- Artikel 1.32**            **Reëls**  
Die reëls van stoei soos deur United World Wrestling bepaal en soos deur die beampteraad vertolk. Reëls sluit ook enige goedgekeurde huishoudelike reëls en komitee reëls van die SASF, in.
- Artikel 1.33**            **SASF**  
Die Suid-Afrikaanse Stoei Federasie
- Artikel 1.34**            **Statutêre omgewing**  
Statutêre omgewing dui op organisasies wat deur ‘n Suid-Afrikaanse statuut in die lewe geroep is en welke organisasies in beheer van geaffilieerde-assosiaat stoeiverenigings is.
- Artikel 1.35**            **Stoeier**  
‘n Stoeier soos bepaal volgens die bepalings van die grondwet.
- Artikel 1.36**            **Stoeibedrywighe**  
Alle aktiwiteite waarby lede van die SASF as gevolg van hulle lidmaatskap by die SASF, soos deur die grondwet bepaal, betrokke is.
- Artikel 1.37**            **Stoeivereniging**  
‘n Geaffilieerde en/of geaffilieerde-assosiaat stoeivereniging soos onderskeidelik verwys na in artikels 1.3 en 1.2 van die grondwet.

**Artikel 1.38****Histories Benadeelde Individu (HBI)**

‘n Suid-Afrikaanse burger –

wat, vanweë die apartheidsbeleid wat in plek was, geen stemreg in nasionale verkiesings voor die invoering van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1983 (Wet No. 100 van 1983) of die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1993 (Wet No. 200 van 1993) (“die tussentydse Grondwet”), gehad het nie; en/of

wat ‘n vrou is, en/of

wat ‘n gebrek het.

Met dien verstande dat ‘n persoon wat Suid-Afrikaanse burgerskap op of voor die inwerkingtreding van die tussentydse Grondwet verkry het, geag word nie ‘n HBI te wees nie.

**Artikel 1.39****Vrou**

Verwys na ‘n vroulike persoon wie ‘n Suid Afrikaanse Burger is

**Artikel 1.40****Gestremdheid**

verwys na ‘n persoon met ‘n permanente liggaamsgebrek, verstandelike gestremdheid, gewaarwordingsgestremdheid, wat lei tot inperking of gebrek, of die gebrek aan die vermoë om liggaamlike funksie uit te voer in die wyse of binne die vermoë van ‘n normale persoon.

**SEKSIE 2****NAAM****Artikel 2.1****Die naam van die federasie is:**

“Die Suid-Afrikaanse Stoeifederasie” met afkorting SASF.

**SEKSIE 3****REGS-STATUS****Artikel 3.1**

Die SASF is ‘n onafhanklike liggaam met regsbevoegdheid beklee en, as sulks, verkry, besit, vervreem, beswaar met verband en huur of verhuur eiendom. Dit kan in eie naam regshandelinge aangaan en regsdinge voer. Die SASF funksioneer hiërargies deur sy vergaderings, rade, besture en komitees soos saamgestel in terme van die grondwet; is verteenwoordigend van alle stoeiverenigings en beheer stoei in Suid-Afrika.

**Artikel 3.2**

Die SASF spreek aan of word aangespreek in sy eie naam en alle regsproses-stukke word op die president, as verteenwoordiger van die SASF beteken, met *domicilium citandi et executandi* die woonadres van die president van die SASF.

**SEKSIE 4****GESAGSGEBIED EN SETEL****Artikel 4**

Die jurisdiksie gebied van die SASF is die Republiek van Suid-Afrika en die hoofkantoor en setel van gesag is die woonadres van die president van die SASF.

**SEKSIE 5****DOEL****Artikel 5**

Die doel van die SASF is:

Om ‘n groeiende verteenwoordigende basis van stoeiers, afrigters, beamptes en administrateurs te vestig, ontwikkel, bestuur en te administreer om op klub-, assosiasie-, streek-, provinsiale-, nasionale- en internasionale vlakke te presteer, terwyl dit die inisiatiewe en doelwitte van die regering van die

RSA ondersteun, en die inisiatiewe en doelwitte van die internasionale liggaam, United World Wrestling, bevorder.

## **SEKSIE 6**

### **DOELWITTE**

- Artikel 6** Dit is die oogmerk van die SASF om sy doelwitte in lyn te bring met die doelwitte van United World Wrestling , en verder:
- Artikel 6.1** Om nie winsbejag vir homself of sy lede na te streef nie.
- Artikel 6.2** Om kampioenskappe en proewe te hou en verteenwoordigende spanne te kies om Suid-Afrika binnelands en buitelands te verteenwoordig.
- Artikel 6.3** Om affiliasie- en ander gelde waarop die algemene bestuur van tyd tot tyd mag besluit, namens die SASF te hef, in te vorder en slegs ten behoeve van stoei aan te wend.
- Artikel 6.4** Om bates in verskillende vorms te ontvang, te verkry, te vervreem, te huur of te verhuur in soverre dit nodig is vir die verwesenliking van die doelwitte van die SASF.
- Artikel 6.5** Om aanbevelings te doen by die liggaam wat verantwoordelik is vir die toekenning van nasionale kleure vir persone wat daarvoor kwalifiseer.
- Artikel 6.6** Om alle ander sake te bestuur wat van tyd tot tyd nodig mag wees om stoei te bevorder.
- Artikel 6.7** Om skakeling met organisasies en in besonder met SASKOK, United World Wrestling, United World Wrestling Africa, CWA en die Departement van Sport te handhaaf en te bevorder.
- Artikel 6.8** Om gedurig op hoogte met die reëls van United World Wrestling en tersaaklike instansies te bly en om toe te sien dat alle wedstryde en toepaslike stoei bedrywighede in die Republiek volgens hierdie reëls plaasvind en bestuur word.
- Artikel 6.9** Om die ontwikkeling van alle stoeistyle, soos deur United World Wrestling omskryf, aan te moedig, en om die sport in die Republiek van Suid-Afrika asook in die "SADC" lande van Afrika te bevorder en om tegniese bystand aan ontwikkelende lande en gebiede te verskaf.
- Artikel 6.10** Om ontwikkelingsprogramme van stapel te stuur, veral onder voorheen benadeelde gemeenskappe en om stoei onder alle gemeenskappe te propageer en te bevorder.
- Artikel 6.11** Om aktief by te dra tot die ontwikkeling van stoei in die RSA, veral in voorheen benadeelde gemeenskappe en internasionaal.
- Artikel 6.12** Om vriendskapsbande met ander nasionale federasies te bevorder.
- Artikel 6.13** Om streng toesighouding oor die korrekte toepassing van stoeireëls by alle stoei aangeleenthede te verseker.
- Artikel 6.14** Om die benoeming, keuring, ontwikkeling, opleiding, verbetering en beheer van alle SASF geakkrediteerde beamptes, afrigters, stoeiers, administratiewe beamptes, spanbestuurders en ampsdraers, te behartig.
- Artikel 6.15** Om die verteenwoordiging van stoei en die beskerming van die SASF se belange op internasionale en nasionale vlak, te bevorder.
- Artikel 6.16** Die SASF weerhou hom van, en verklaar hom teen alle politieke-, rassistiese-, geslags-, etniese- of godsdienstige- negatiewe bespreking en diskriminasie.

- Artikel 6.17** Om die uitvoering van regeringsbeleid in sport en ontspanning te verseker op nasionale-, provinsiale-, streeks- en plaaslike vlakke.
- Artikel 6.18** Om as sy kernbesigheid as die hoof leweringsagente vir stoeidisiplines op te tree. Dit word uitgevoer deur gewaarborgde billike toegang tot sy sport, talentidentifikasieprogramme, ontwikkeling, die stigting van 'n vrywilligers-eenheid en verhoogde deelneming.
- Artikel 6.19** Om namens die SASF verhoë te rig, tot die makroliggame en die Ministerie/SRSA/SASKOK.
- Artikel 6.20** Om 'n deursigtige erkenningsstelsel te vestig, te behou en te bestuur.
- Artikel 6.21** Om te verseker dat die geaffilieerde lede (provinsiale en/of streeks) by aanvaarbare provinsiale grense inpas, soos per nasionale regeringsbeleid en die grondwet van die RSA. Waar meer as een vereniging binne 'n provinsiale gebied funksioneer, sal die gebied van verantwoordelikhede beheer word gelyk aan die provinsiale bepaalde substreke en/of binne die statutêre funksie.
- Artikel 6.22** Om stoei binne provinsiale/streeksgebiede en statutêre omgewings te beheer, as verenigings met 'n soortgelyke funksie as die nasionale federasie, met die onderskeie gebiede van regsbevoegdheid, as die belangrike verskil.
- Artikel 6.23** Om nakoming van die algemene aanvaarde rekenkundige praktyk (AARP) te verseker.
- Artikel 6.24** Om beheer en dissipline uit te oefen volgens die vereistes van die SASF-, die United World Wrestling- en SASKOK grondwette, reëls en regulasies. In die geval van teenstrydigheid, sal die hoër gesag se grondwet, reëls en regulasies geld.
- Artikel 6.25** Om 'n toekenning- en erkenningsstelsel binne die SASF te bestuur en toe te pas.
- SEKSIE 7** **AFFILIASIE**
- Artikel 7.1** Die SASF mag affilieer by United World Wrestling, United World Wrestling Africa, SASCOC, SASKOK, CWA, WADA, of enige ander liggaam, soos deur die uitvoerende bestuur van tyd tot tyd besluit.
- Artikel 7.2** Die grondwette, regulasies, reëls en beleidsvoorskrifte van United World Wrestling, sal onderskeidelik op die SASF van toepassing wees. Waar die SASF grondwet teenstrydig is met voormelde instansies se grondwette, regulasies, reëls en beleid, sal eersgenoemde instansies se grondwette, regulasies, reëls en beleid bindend wees.
- Artikel 7.3** Elke bestaande stoeivereniging in die RSA moet jaarliks by die SASF affilieer onderhewig aan die komitee reëls en betaling van die bestaande jaarlikse affiliasiefooi, soos omskryf in artikel 7.6. Verdere vereistes met betrekking tot die jaarlikse affiliasie mag deur die uitvoerende bestuur gestel word, maar nievoldoening aan hierdie vereistes beïnvloed nie die geldigheid van die affiliasie na stiptelike delging van die jaarlikse lidmaatskapfooi nie. Gewone tugstappe mag teen 'n stoeiaffiliasie geneem word wat nie aan hierdie verdere vereistes voldoen nie.
- Artikel 7.4** 'n Stoeivereniging wat vir die eerste keer by die SASF wil affilieer, moet sodanige versoek op die voorgeskrewe vorm rig (sien Bylae 1). Met die uitsondering van geaffilieerde-assosiaat stoeiverenigings wat op die aansoekvorm inligting wat nie beskikbaar is nie moet aandui, moet die volgende stukke so 'n aansoek vergesel:

- Artikel 7.4.1** Die goedgekeurde grondwet van die vereniging wat aansoek doen om affiliasie (wat voldoen aan die vereistes van die grondwet) met die eerste aansoek of, in die geval van 'n wysiging, van die bestaande grondwet;
- Artikel 7.4.2** 'n Lys van name met adresbesonderhede van al sy ampsdraers wat ingevolge sy grondwet op sy besture en komitees verkies is;
- Artikel 7.4.3** 'n Naam- en adreslys van geaffilieerde klubs van sodanige stoeivereniging, tesame met 'n verklaring wat die hoeveelheid stoeiers, afrigters en beamptes asook die vlak van gradering van beide afrigters en beamptes van die betrokke klub aantoon.
- Artikel 7.4.4** By sodanige eerste aansoek, die skriftelike toestemming van die persoon tot sy aanstelling as ouditeur;
- Artikel 7.4.5** 'n Stel geouditeerde jaarstate, insluitend die outiteursertifikaat, plus 'n sertifikaat wat bevestig dat die geouditeerde state van die geaffilieerde stoeivereniging vir die afgelope boekjaar deur die geaffilieerde stoeivereniging se jaarvergadering goedgekeur is en dat daar niks nadeligs aangestip is waarvan die algemene bestuur kennis behoort te neem nie. Die ouditsertifikaat mag ook deur 'n onafhanklike praktiserende finansiële rekenmeester of 'n onafhanklike praktiserende boekhouer uitgereik word.
- Artikel 7.4.6** Die jaarverslae van voorsitters van stoeiverenigings volgens die voorgeskrewe formaat wat die uitvoerende bestuur van die SASF van tyd tot tyd bepaal.
- Artikel 7.4.7** Die uitvoerende bestuur maak 'n aanbeveling aan die algemene bestuursvergadering met betrekking tot die aansoek van eerste affiliasie, van of 'n geaffilieerde stoeivereniging of 'n assosiaat stoeivereniging, soos in artikel 1.3 en 1.2 onderskeidelik omskryf. Die algemene jaarvergadering besluit oor elke nuwe aansoek en sodanige besluit is finaal. Die bepalinge van hierdie artikel is onderhewig aan die vereistes vir minimum vereistes vir die bestaan as 'n geaffilieerde stoeivereniging, soos deur die SASCOC bepaal en deur die SASF toegepas.
- Artikel 7.5** In die geval van afstigting van 'n bestaande geaffilieerde stoeivereniging, met die oog op die totstandkoming van 'n nuwe geaffilieerde stoeivereniging, sal die bepalinge van art. 7.4 eweneens van toepassing wees, met die verdere vereiste dat die geaffilieerde stoeivereniging waarvan afgestig word sy skriftelike toestemming tot die stap sal gee. Die toestemming deur die afstigtinge geaffilieerde stoeivereniging is aan die voorbepalinge van artikel 7.4.7 onderhewig.
- Artikel 7.5.1** Die ter stigte geaffilieerde stoeivereniging moet die SASF oortuig van sy lewensvatbaarheid, deur 'n geskrewe lewensvatbaarheidstudie aan die SASF voor te lê.
- Artikel 7.6** Elke stoeivereniging moet jaarliks tesame met sy aansoek om affiliasie, jaarlikse affiliasie gelde, soos van tyd tot tyd deur die algemene bestuur van die SASF bepaal word, vir geaffilieerde stoeiverenigings en geaffilieerde assosiaat stoeiverenigings, aan die SASF betaal.
- Artikel 7.7** Geen geaffilieerde stoeivereniging, stoei-klub of persoon is stemgeregtig of, word tesame met assosiaatlade toegelaat om aan enige stoeibedrywighede deel te neem, tensy die affiliasiefooi en/of enige gelde wat aan die SASF en/of sy geaffilieerde stoeiverenigings verskuldig en opeisbaar is, betaal is nie. Die tesourier van die SASF moet 'n staat aan alle stoeiverenigings en individue wat geld aan die SASF, soos op 31 Oktober van elke jaar verskuldig is, lewer. Hierdie staat moet stoeiverenigings nie later dan 14 dae

voor die SASF se algemene jaarvergadering bereik nie en alle uitstaande gelde moet nie later as 7 (sewe) werksdae voor die vergadering ten volle betaal word nie.

## **SEKSIE 8**

## **LIDMAATSKAP**

- Artikel 8.1** Lidmaatskap van die SASF word op die volgende wyse verkry:
- Artikel 8.1.1** Deur verkiesing/koöptering as ampsdraer of lewenslange ere lid; of
- Artikel 8.1.2** Deur verkiesing tot 'n raad, komitee of subkomitee in terme van die grondwet; of
- Artikel 8.1.3** Deur affiliasie as 'n geaffilieerde stoeivereniging van die SASF en klubs van die verskillende stoeiverenigings (soos omskryf in artikel 1.3); of
- Artikel 8.1.4** Deur registrasie via stoeiverenigings as administratiewe beamppte, afrigter, beamppte, Gesondheid, Veiligheid en Sekuriteit beamppte, spanbestuurder, ampsdraer of stoeier. (In die geval van minderjarige stoeiers sal die biologiese ouer of wettige voog as 'n lid aanvaar word); of
- Artikel 8.1.5** Deur affiliasie as 'n assosiaat stoeivereniging (soos omskryf in artikel 1.2).
- Artikel 8.2** Enige lid van 'n assosiaat stoeivereniging (soos omskryf in artikel 1.2) mag ook 'n lid van 'n geaffilieerde stoeivereniging wees (soos in artikel 1.3 omskryf) en vice versa.
- Artikel 8.3** Voorwaardes vir affiliasie:
- Die volgende voorwaardes sal geld vir affiliasie:
- Artikel 8.3.1** Geaffilieerde stoeiverenigings wat geaffilieer is in ooreenstemming met die bepalings vervat in artikel 1.3, sal bestaan uit 'n minimum aantal geaffilieerde klubs. Die minimum sal van tyd tot tyd deur die algemene jaarvergadering bepaal word.
- Assosiaat stoeiverenigings wat in terme van artikel 1.2 geaffilieer is, is nie aan die bogenoemde minimum klub vereiste onderhewig nie.
- Artikel 8.3.2** Veranderinge in die bestuur van stoeiverenigings wat gedurende die jaar plaasvind moet binne 21 dae skriftelik aan die sekretaris-generaal van die SASF gerapporteer word.
- Artikel 8.3.3** Stoeiverenigings mag, onderhewig aan die skriftelike goedkeuring van die uitvoerende bestuur, sy eie kleure by die SASF registreer en indien nodig by die SASKOK van daardie besondere gebied.
- Artikel 8.3.4** Die embleme en simbole van die SASF wat in die regulasies beskryf word, is die eksklusiewe eiendom van die SASF en geen stoeivereniging en/of klub en/of enige ander liggaam sal toegelaat word om dit sonder die toestemming van die SASF vir watter doel ookal te gebruik of toe te eien nie.
- Artikel 8.3.5** 'n Assosiaatlid geniet al die regte en voorregte van 'n geaffilieerde stoeivereniging, onderhewig aan die feit dat dit nie enige mosie mag voorstel of sekondeer nie, en dat dit geen stemreg by enige amptelike vergadering van die SASF of enige van sy komitees sal hê nie.
- Artikel 8.3.6** 'n Stoeier, beamppte, afrigter, ampsdraer en spanbestuurder mag net by een stoeivereniging registreer en mag nie op die bestuur van 'n ander stoeivereniging verkies word nie. Sodanige persoon/persone mag nie vir enige ander stoeivereniging, sonder die skriftelike toestemming van die stoeivereniging waar hy/sy geregistreer is/was, optree nie. Hierdie voorwaarde is nie van toepassing op die biologiese ouer/s of wettige voog

van 'n minderjarige stoeier wie as 'n lid van die SASF geag word en wie as 'n lid van die minderjarige lid se stoeiklub beskou word, as gevolg van sy/haar verwantskap met die minderjarige stoeier. Sodanige ouer/s of wettige voog word egter nie toegelaat om op die bestuur of komitees van meer as een stoeivereniging te dien nie, as gevolg van die verwantskap met die minderjarige stoeier.

- Artikel 8.4** Verslagdoening deur stoeiverenigings
- Artikel 8.4.1** Enige stoeivereniging moet, indien dit deur die uitvoerende bestuurskomitee verlang word, 'n verslag van sy werksaamhede binne 30 (dertig) dae na skriftelike kennisgewing aan die sekretaris-generaal besorg.
- Artikel 8.5** Afbakening van grense en beheer-gebiede van stoeiverenigings:
- Artikel 8.5.1** Vir die doeleindes van stoei sal die Republiek van Suid-Afrika, totdat anders besluit word, verdeel word in geaffilieerde stoeiverenigings wat deur hulle onderskeie besture beheer word ooreenkomstig bylae 2 van die grondwet. Beheer gebiede van geaffilieerde assosiaat stoeiverenigings word deur hulle beherende statutêre organisasies bepaal.
- Artikel 8.5.2** Nieteenstaande die bepalinge van artikel 6.21 en 8.5.1, sal die beginsels betreffende grenslyne, soos deur die SASKOK voorgeskryf, nagekom word.
- Artikel 8.6** Die 14 bestaande lede (geaffilieerde stoeiverenigings soos omskryf in artikel 1.3) van die SASF grondwet sal, vanaf einde 2003, die volgende wees:  
Limpopo; Noord-Wes; Mpumalanga; Gauteng-Noord; Gauteng-Oos; Sentraal Gauteng; Sedibeng; Noord-Kaap; Noord-Vrystaat; Suid-Vrystaat; Boland; Oostelike Provinsie; Westelike Provinsie en Kwa Zulu Natal.

## **SEKSIE 9** **ORGANISATORIESE EN HIËRARGIESE SAMESTELLING**

- Artikel 9** Die SASF funksioneer organisatories en hiërargies deur:
- Artikel 9.1** Die algemene jaarvergadering, spesiale algemene vergadering, algemene bestuur, uitvoerende bestuur en uitvoerende bestuurskomitee, soos omskryf in die grondwet.
- Artikel 9.2** Vaste komitees en/of rade, bestaande uit die beampteraad, afrigtersraad, Gesondheid, Veiligheid en Sekuriteitraad, administratieweraad, bemarkings en mediakomitee, beplanningskomitee, ontwikkelingskomitee, regsadvieskomitee, spanbestuurdersraad en ander *ad hoc* komitees wat van tyd tot tyd aangewys mag word.
- Artikel 9.3** **Provinsiale/streekkomitees**  
Terwyl die beginsel van die integriteit en gesag van die SASF betreffende alle vrae rondom die bestuur en beoefening van die sport van stoei regdeur Suid-Afrika gerespekteer word, en met die oog op doeltreffende dialoog en samewerking tussen hulle, word die verteenwoordigende geaffilieerde stoeiverenigings in 'n provinsiale gebied, wat behoortlik by die SASF geaffilieer is, saamgevoeg in, of vorm 'n streekkomitee, wie se funksie en vermoë deur interne regulasies, deur die SASF ontwerp en deur die uitvoerende bestuur goedgekeur word. Aangesien dit oor geen wetgewende mag beskik in die tegniese- en regulasiegebiede vir stoei nie, soos deur die SASF beheer, magte wat die verantwoordelikheid van die uitvoerende bestuur bly, bly die streekkomitee 'n interne organisasie van die SASF, wat aan die betrokke provinsie/streek behoort, wie se plig dit is om samewerking met die provinsiale regering te bevorder, om stoei in die betrokke

provinsie/streek te bevorder en ontwikkel, om die opdragte van die SASF toe te pas en om te verseker dat die grondwet en regulasies nagekom word.

## **SEKSIE 10**

## **ALGEMENE JAARVERGADERING**

- Artikel 10.1** Die algemene jaarvergadering is die hoogste gesag van die SASF en funksioneer soos volg:
- Artikel 10.1.1** Die oorweging en goed- of afkeuring van voorstelle ter wysiging van die grondwet.
- Artikel 10.1.2** Die goedkeuring van die notule van die vorige algemene jaarvergadering en spesiale algemene vergadering wat sedert die vorige algemene jaarvergadering gehou is;
- Artikel 10.1.3** Die oorweging en goedkeuring van die geouditeerde finansiële jaarstate van die SASF met betrekking tot die afgelope finansiële jaar van die SASF. Indien die geouditeerde state nie teen dáárdie tyd beskikbaar is nie, sal dit by die eerste algemene bestuursvergadering in die nuwe jaar goedgekeur word.
- Artikel 10.1.4** Die oorweging en goedkeuring van honoraria;
- Artikel 10.1.5** Die oorweging van voorstelle vir lewenslange erelidmaatskap van die SASF, ooreenkomstig die grondwet;
- Artikel 10.1.6** Die aanstelling van ouditeure vir die SASF onderworpe aan die skriftelike aanvaarding daarvan;
- Artikel 10.1.7** Die oorweging van verslae van rade/komitees van die SASF;
- Artikel 10.1.8** Die oorweging van die president se jaarverslag (onder voorsitterskap van die ere-president);
- Artikel 10.1.9** Die verkiesing van ampsdraers vir die SASF met betrekking tot die eersvolgende twee en vier jaar dienstermyne van die SASF met dien verstande dat geen persoon vir meer as een pos op enige bestuur of komitee verkies mag word nie;
- Artikel 10.1.10** Die aanstelling van 'n regsadviseur vir die SASF;
- Artikel 10.1.11** Die aanstelling van 'n mediese dokter as mediese konsultant vir die SASF;
- Artikel 10.1.12** Die indiening en oorweging van mosies;
- Artikel 10.2** **Die algemene jaarvergadering word saamgestel uit:**
- Artikel 10.2.1** Die ere-president;
- Artikel 10.2.2** Die president;
- Artikel 10.2.3** Die vise-president;
- Artikel 10.2.4** Die vise-president;
- Artikel 10.2.5** Die vise-president;
- Artikel 10.2.6** Die sekretaris-generaal;
- Artikel 10.2.7** Geskrap;
- Artikel 10.2.8** Geskrap;
- Artikel 10.2.9** Die tesourier;
- Artikel 10.2.10** Die hulptesourier en hulp sekretaris-generaal;
- Artikel 10.2.11** Die voorsitter van die beampteraad;
- Artikel 10.2.12** Die voorsitter van die afrigtersraad;

- Artikel 10.2.13** Die voorsitter van die Gesondheid, Veiligheid en Sekuriteitraad;
- Artikel 10.2.14** Die voorsitter van die spanbestuurdersraad;
- Artikel 10.2.15** Die voorsitter van die mediakomitee;
- Artikel 10.2.16** Geskrap;
- Artikel 10.2.17** Geskrap;
- Artikel 10.2.18** Alle geaffilieerde stoeiverenigings (soos in artikel 1.3 omskryf) wat behoorlik geaffilieer is, vaardig elkeen 'n maksimum van drie verteenwoordigers met spesifieke stemopdragte van hulle onderskeidelike verenigings betreffende die verkiesing van genomineerde persone tot die algemene jaarvergadering van die SASF. Die verantwoordelikheid sal op die betrokke stoeivereniging rus om te verseker dat die verteenwoordiger/s volgens die opdragte van die besondere stoeivereniging stem. Verteenwoordigers van 'n geaffilieerde stoeivereniging mag nie meer as een geaffilieerde stoeivereniging verteenwoordig nie.
- Artikel 10.2.19** Alle lewenslange ere-lede en assosiaatslede
- Artikel 10.3** Net die verteenwoordigers van die geaffilieerde stoeiverenigings, soos in artikel 10.2.18 genoem, het stemregte by die algemene jaarvergadering en slegs een stem per geaffilieerde stoeivereniging.
- Artikel 10.4** **Nominasies**
- Artikel 10.4.1** Nominasies vir die ampsdraers van die SASF (almal van wie lede moet wees van klubs geaffilieer by geaffilieerde stoeiverenigings) word skriftelik deur die geaffilieerde stoeiverenigings en rade/komitees van die SASF, op die voorgeskrewe vorm (sien bylae 3), ingedien en moet die sekretaris-generaal op 'n datum, voor die algemene jaarvergadering wat van tyd tot tyd deur die uitvoerende bestuur bepaal word, bereik. Dié nominasies sal deur die uitvoerende bestuur gekontroleer word en aan die lede van die uitvoerende bestuur en alle geaffilieerde stoeiverenigings gesirkuleer word om sodanige lede en geaffilieerde stoeiverenigings ten minste veertien (14) dae voor die algemene jaarvergadering te bereik. Die uitvoerende bestuur is in eie reg bevoeg om nominasies by te voeg. Slegs genomineerde persone, wat skriftelik aangedui het dat hy/sy sodanige nominasies aanvaar en verkiesbaar is, sal tydens die algemene jaarvergadering verkies word. Persone mag vir hoër poste genomineer word met dien verstande dat sy/haar nominasie vir verdere poste verval indien hy/sy tot 'n pos verkies word.
- Artikel 10.5** Geen persoon is stemgeregtig of mag hom/haar verkiesbaar stel tot enige amp binne die SASF indien hy/sy die SASF geld skuld of geskors is nie.
- Artikel 10.6** Die algemene jaarvergadering vergader jaarliks na die sluiting van die SASF se finansiële jaar maar voor die einde van November van die betrokke jaar op 'n datum, tyd en plek soos deur die uitvoerende bestuur bepaal, en
- Artikel 10.6.1** word jaarliks byeengeroep ooreenkomstig die bepalings van die grondwet.
- Artikel 10.6.2** wanneer die finansiële jaar van die SASF, soos uiteengesit in terme van artikel 17.2.2.4, of enige ander aspek van die grondwet deur 'n besluit verander word, soos in artikel 17.1.2 bedoel, mag die vergadering wat die besluit neem om die finansiële jaar te verander, ook besluit om:
- Artikel 10.6.2.1** nie 'n algemene jaarvergadering gedurende die finansiële jaar wat verander gaan word, te hou nie, maar dit oor te dra na enige tyd gedurende die nuut-veranderde finansiële jaar, ten spyte van die bepalings van artikel 10.6.1, of

- Artikel 10.6.2.2** 'n verdere algemene jaarvergadering gedurende daardie huidige finansiële jaar wat verander gaan word te hou, ten spyte van die bepalings van artikel 10.6.1
- Artikel 10.6.2.3** om die oogmerke van artikel 10.6.2 of enige ander oorgangsoptrede weens 'n verandering in die grondwet te vergemaklik, mag enige afwyking van die tydskaal soos in die grondwet uiteengesit, aanvaar word deur die meerderheid van die lede met stemregte by die spesifieke vergadering, mits daar wesentliche nakoming van die bedoeling van die spesifieke bepaling van die grondwet was, en verder op voorwaarde dat geen lid daardeur opsetlik bevoordeel is nie.
- Artikel 10.7** **Die prosedure en volgorde by die verkiesing van ampsdraers vir die SASF op 'n algemene jaarvergadering is die volgende:**
- Artikel 10.7.1** Alle verkiesings geskied onder die voorsitterskap van die dienende president van die SASF, met die uitsondering van die verkiesing van die president wat onder voorsitterskap van die ere-president plaasvind.
- Artikel 10.7.2** Al die verteenwoordigers van die SASF word in die volgorde soos hierna genoem op 'n algemene jaarvergadering verkies:
- Artikel 10.7.2.1** Die ere-president;
- Artikel 10.7.2.2** Die president (onder voorsitterskap van die ere-president);
- Artikel 10.7.2.3** Die vise-president;
- Artikel 10.7.2.4** Die vise-president;
- Artikel 10.7.2.5** Die vise-president;
- Artikel 10.7.2.6** Die sekretaris-generaal;
- Artikel 10.7.2.7** Geskrap;
- Artikel 10.7.2.8** Geskrap;
- Artikel 10.7.2.9** Die tesourier;
- Artikel 10.7.2.10** Die hulptesourier en hulp sekretaris-generaal;
- Artikel 10.7.2.11** Die voorsitter van die mediakomitee;
- Artikel 10.7.2.12** Geskrap;
- Artikel 10.7.2.13** Geskrap;
- Artikel 10.7.3** Die lede van die rade, insluitend hulle voorsitters (behalwe vir admin) word by 'n algemene jaarvergadering in die volgende volgorde bekragtig:
- Artikel 10.7.3.1** Bekragtiging van beampteraadslede;
- Artikel 10.7.3.2** Bekragtiging van afrigtersraadslede;
- Artikel 10.7.3.3** Bekragtiging van Gesondheid, Veiligheid en Sekuriteitraadslede;
- Artikel 10.7.3.4** Bekragtiging van administratieweraadslede;
- Artikel 10.7.3.5** Bekragtiging van spanbestuurdersraadslede;
- Artikel 10.7.4** Na afloop van die verkiesing van ampsdraers vir die SASF mag die nuutgekoose uitvoerende bestuur te eniger tyd 'n persoon/persone op die uitvoerende bestuur ko-opteer, soos benodig.

**Artikel 10.8****Stemming**

Die volgende bepalings sal geld met betrekking tot stemreg op algemene jaarvergaderings:

**Artikel 10.8.1**

Tydens die algemene jaarvergadering word deur die opsteek van hande gestem, behalwe by die verkiesing van lede van besture, rade en komitees, in welke geval stemming per geheime stembrief sal geskied.

**Artikel 10.8.2**

Elke persoon wat tot 'n enkele pos verkies is, moet met 'n volstreekte meederheid wen. Waar daar meer as twee nominasies vir 'n pos bestaan, en met geen volstreekte meederheid in 'n spesifieke stemronde nie, sal die persoon met die minste aantal stemme uitval totdat daar net twee kandidate oorbly, waarna die kandidaat met 'n volstreekte meederheid verkies sal word tot daardie besondere pos. In die geval van 'n staking van stemme (hetsy daar meer as twee kandidate is en een moet uitval, of wanneer daar net twee kandidate oorbly) sal 'n herverkiesing vir daardie pos na 'n tien-minute pouse plaasvind, en indien 'n staking van stemme weer plaasvind, sal die prosedure vir die derde keer herhaal word, waarna 'n muntstuk opgegooi sal word om te besluit watter kandidaat tot die pos verkies sal word.

**Artikel 10.8.3**

Stemming per geheime stembrief oor enige saak mag deur enige lid van die vergadering met stemreg aangevra word. Die stemgeregtigde lede beslis in só 'n geval oor die wyse van stemming.

**Artikel 10.8.4**

Na afloop van elke stemming oor 'n saak sal die uitslag daarvan aangekondig en genotuleer word.

**Artikel 10.8.5**

Die uitvoerende bestuurskomitee sal elke vier (4) jaar verkies word en al die ander rade/komitees elke twee jaar. Die tweejaarlikse verkiesing van lede van die uitvoerende bestuur sal die lede van die uitvoerende bestuurskomitee uitsluit.

**Artikel 10.9****Kennis van algemene jaavergadering**

Die sekretaris-generaal van die SASF gee skriftelik kennis van die algemene jaarvergadering aan die stoeiverenigings en die lede soos in artikel 10.2.1 tot artikel 10.2.19 gemeld minstens 30 (dertig) dae voor die datum waarop die algemene jaarvergadering gaan plaasvind, onderhewig aan die bepalings van artikel 10.6.2.

**Artikel 10.10****Kworum by algemene jaarvergaderings**

Op 'n algemene jaarvergadering vorm die helfte plus 1 (een) van al die lede met spesifieke stemopdragte wat die geaffilieerde stoeiverenigings verteenwoordig, soos in artikel 10.2.18 bedoel, 'n kworum, met dien verstande dat indien daar nie teen die vasgestelde aanvangstyd vir die algemene jaarvergadering 'n kworum teenwoordig is nie, die algemene jaarvergadering vir 'n tyderk, soos deur die president bepaal, uitgestel word, met die verstandhouding dat indien daar by die uitgestelde algemene jaarvergadering weer nie 'n kworum teenwoordig is nie, die aanwesige stemgeregtigde lede 'n kworum vorm en by hierdie algemene jaarvergadering, die sake waarvoor die oorspronklike algemene jaarvergadering belê is, hanteer en afhandel.

## **SEKSIE 11**

## **SPESIALE ALGEMENE VERGADERING**

### **Artikel 11.1**

#### **Konstituering**

'n Spesiale algemene vergadering is 'n vergadering van die SASF wat gekonstitueer word, deur die in artikel 10.2.1 tot artikel 10.2.19 gemelde lede en vergader op 'n datum, tyd en plek wat deur die uitvoerende bestuur bepaal word.

### **Artikel 11.2**

#### **Belê van spesiale algemene vergadering**

'n Spesiale algemene vergadering word op versoek van die uitvoerende bestuur of die algemene bestuur belê om gedurende die loop van die jaar (of ooreenkomstig die bepalings van artikel 13.7.2.1) spoedeisende voorstelle ter wysiging van die grondwet, of enige ander belangrike of dringende aangeleenthede te oorweeg en daaroor te beslis (soos bv. 'n mosie van wantroue).

### **Artikel 11.3**

#### **Kennisgewing**

Die assistent sekretaris-generaal van die SASF gee skriftelik kennis van 'n spesiale algemene vergadering aan alle artikel 10.2.1 tot artikel 10.2.19 gemelde lede, minstens 30 (dertig) dae voor die datum waarop die spesiale algemene vergadering sal plaasvind.

### **Artikel 11.4**

#### **Stemreg/kworum/stemming**

Al die voorwaardes met betrekking tot stemreg, kennisgewingtydperk, kworums en stemming, soos van toepassing by algemene jaarvergaderings, is ook van toepassing op spesiale algemene vergaderings, behalwe dat die lede van die uitvoerende bestuurskomitee stemreg sal hê by enige vergadering van die SASF, behalwe die algemene jaarvergadering of 'n spesiale algemene vergadering.

## **SEKSIE 12**

## **ALGEMENE BESTUUR**

### **Artikel 12.1**

#### **Samestelling**

Die algemene bestuur word saamgestel uit die lede in artikel 10.2.1 tot artikel 10.2.19 vermeld. Indien 'n geaffilieerde stoeivereniging nie 'n algemene bestuursvergadering kan bywoon nie, mag só 'n stoeivereniging lede vanuit 'n ander geaffilieerde stoeivereniging nomineer om die afwesige stoeivereniging by só 'n vergadering te verteenwoordig, maar sonder enige stemreg – en sodanige lede vorm ook nie deel van die kworum nie.

### **Artikel 12.2**

#### **Vergadering tye- en plekke**

Die algemene bestuur vergader van tyd tot tyd op sodanige plekke, datums en tye as wat die uitvoerende bestuur van tyd tot tyd bepaal vir behandeling van die sake van die SASF maar met 'n minimum van 4 (vier) vergaderings per finansiële jaar.

### **Artikel 12.3**

#### **Kennisgewing/kworum/stemming**

Al die voorwaardes met betrekking tot kennisgewing van vergaderings, kworums, stemregte (onderhewig aan die bepalings van artikel 11.4) en stemming soos van toepassing by algemene jaarvergaderings is eweneens van toepassing op vergaderings van die algemene bestuur.

## **Artikel 12.4 Funksies en bevoegdhede**

Die funksies en bevoegdhede van die algemene bestuur is soos volg:

**12.4.1** Om te oorweeg en goed te keur:

**12.4.1.1** Die jaarlikse geouditeerde state van die SASF, met betrekking tot die afgelope finansiële jaar van die SASF, indien dit nie by die vorige algemene jaarvergadering as gevolg van nie-beskikbaarheid goedgekeur is nie. Vir hierdie goedkeuring sal die volgende voorwaardes geld:

- (a) Slegs die 14 lede wat geregtig is om by die algemene jaarvergadering van die SASF te stem, sal toegelaat word om te stem wanneer die state vir goedkeuring oorweeg word.
- (b) 'n Gewone meerderheid sal van toepassing wees.
- (c) Indien nie herverkies nie, sal die uittredende Tesourier sy verantwoordelikheid behou vir die afgelope jaar se geouditeerde state, totdat dit deur die Algemene Bestuur goedgekeur is.

**Artikel 12.4.1.2** by die eerste vergadering van die algemene bestuur in die betrokke jaar die finansiële en algemene begroting van die uitvoerende bestuur vir die SASF met betrekking tot die eersvolgende finansiële jaar, met of sonder wysigings, of af te keur en na die uitvoerende bestuur terug te verwys. Om in enige stadium daarna wysigings daaraan goed te keur op aanbeveling van die uitvoerende bestuur. Indien die begroting soos hierbo vermeld nie tydens die vergadering voorgelê word nie, verdaag die vergadering totdat die begroting beskikbaar is;

**Artikel 12.4.2** om van tyd to tyd heffings betaalbaar aan die SASF op aanbeveling van die uitvoerende bestuur te bepaal;

**Artikel 12.4.3** om as beleidmakende orgaan van die SASF te funksioneer;

**Artikel 12.4.4** om die sake van die SASF na goeddunke te behartig;

**Artikel 12.4.5** Met uitsondering van die spesifieke bevoegdhede en funksies wat met volmag aan die uitvoerende bestuur opgedra is ingevolge art 13.4 van die grondwet, enige besluit van enige komitee of subkomitee na goeddunke goed te keur, te wysig of af te keur, met uitsondering van besluite geneem deur die algemene jaarvergadering of spesiale algemene vergadering;

**Artikel 12.4.6** Geen lid van enige komitee mag enige direkte belang hê of voordeel trek uit enige kontrak wat enige komitee met enige maatskappy mag aangaan nie, tensy sodanige persoon sy/haar belange vooraf verklaar, in welke geval daardie feit onmiddelik genotuleer word by die vergadering waar die toekenning van sodanige kontrak oorweeg word. Die lid van die komitee wat die belang hou mag onder geen omstandighede aan die beslissing betreffende sodanige toekenning deelneem nie – welke feit weer behoorlik genotuleer moet word;

**Artikel 12.4.7** Betaalde amptenare van die SASF kan in 'n raadgewende hoedanigheid op komitees/besture dien, maar sonder stemreg.

**Artikel 12.4.8** Om die afdanking van 'n lid of lede van die uitvoerende bestuur te oorweeg, behalwe waar sodanige aansoek vir afdanking vanuit die bepalinge van artikel 13.7 voortvloei.

**Artikel 12.4.9** Die funksies en magte van die algemene vergadering en/of algemene bestuur is onderskik aan die algemene vergadering en/of spesiale algemene vergadering.

## **SEKSIE 13**

## **DIE UITVOERENDE BESTUUR**

### **Artikel 13.1**

#### **Samestelling**

Die uitvoerende bestuur word deur die algemene jaarvergadering verkies en bestaan uit:

#### **Artikel 13.1.1**

Die ere-president;

#### **Artikel 13.1.2**

Die president;

#### **Artikel 13.1.3**

Die vise-president;

#### **Artikel 13.1.4**

Die vise-president;

#### **Artikel 13.1.5**

Die vise-president;

#### **Artikel 13.1.6**

Die sekretaris-generaal;

#### **Artikel 13.1.7**

Geskrap;

#### **Artikel 13.1.8**

Geskrap;

#### **Artikel 13.1.9**

Die tesourier;

#### **Artikel 13.1.10**

Die hulptesourier en hulp sekretaris-generaal;

#### **Artikel 13.1.11**

Die voorsitter van die beampteraad;

#### **Artikel 13.1.12**

Die voorsitter van die afrigtersraad;

#### **Artikel 13.1.13**

Die voorsitter van die Gesondheid, Veiligheid en Sekuriteitraad;

#### **Artikel 13.1.14**

Die voorsitter van die spanbestuurdersraad.

#### **Artikel 13.1.15**

Die voorsitter van die bemerkings en mediakomitee

#### **Artikel 13.1.16**

Geskrap;

#### **Artikel 13.1.17**

Geskrap;

### **Artikel 13.2**

Vakatures op die uitvoerende bestuur:

#### **Artikel 13.2.1**

Vakatures op die uitvoerende bestuur sal gevul word deur middel van 'n verkiesing wat gehou word op 'n vergadering van die algemene bestuur (behalwe in die geval waar die vakature ontstaan het as gevolg van die toepassing van artikel 13.7, in welke geval 'n spesiale algemene vergadering vir daardie doeleinde belê word). Skriftelike kennisgewing deur die assistent sekretaris-generaal van sodanige verkiesing moet aan al die lede gemeld in artikels 10.2.1 tot 10.2.19 minstens 30 (dertig) dae voor die vergadering gestuur word. Nominasies om vakatures op die uitvoerende bestuur te vul sal ooreenkomstig artikels 10.4; 10.5; 10.7.1; 10.7.2; 10.8 en 11.2 van die grondwet gedoen word. Indien slegs een nominasie ontvang word sal die genomineerde as verkose beskou word (nadat die algemene bestuur of spesiale algemene vergadering dit bekragtig het, wat die geval ookal moet wees).

### **Artikel 13.3**

Datums en plekke van vergaderings van die uitvoerende bestuur:

#### **Artikel 13.3.1**

Die uitvoerende bestuur vergader waar en wanneer nodig, maar ten minste een keer elke kwartaal vir die afhandeling van sake.

#### **Artikel 13.3.2**

Kwורים vir uitvoerende bestuursvergaderings sal drie lede van die uitvoerende bestuurskomitee bevat plus drie ander lede van die uitvoerende bestuur. In die geval waar die kworum geraak word deurdat lede van die uitvoerende bestuurskomitee hulle moet verskoon van 'n vergadering waar sake wat hulle raak, bespreek gaan word, sal die vergadering behoorlik

gekonstitueer bly, ondanks die feit dat daar minder as drie of geen lede van die uitvoerende bestuurskomitee teenwoordig is nie, met dien verstaande dat die vergadering behoorlik gekonstitueer was met 'n kworum, soos in hierdie artikel bepaal, voordat die betrokke lede van die vergadering verskoon is. Onder sodanige omstandighede, sal al die oorblywende lede van die gesuiwerde vergadering volle gedelegeerde stemregte besit om die saak waarvoor die vergadering gesuiwer is, te hanteer. 'n Voorsitter vir die gesuiwerde vergadering moet verkies word voordat enige lede verskoon is, maar indien sodanige voorsitter nie beskikbaar is gedurende 'n voortsetting van die gesuiwerde vergadering by toekomstige datums nie, sal die gesuiwerde vergadering hulle eie voorsitter verkies.

#### **Artikel 13.4**

##### **Bevoegdheid van die uitvoerende bestuur:**

Die uitvoerende bestuur beskik oor die bevoegdheid en diskresie om sonder die goedkeuring van die algemene bestuur en met dien verstaande dat die uitvoerende bestuur aan die algemene bestuur verantwoordelik is, om:

#### **Artikel 13.4.1**

oor die vertolking en toepassing van die reëls van stoei te besluit;

#### **Artikel 13.4.2**

kleure, kentekens, trofeë, embleme en meriete toekennings vir die SASF te bepaal. Reëls in verband met die toekenning en dra daarvan op te stel. Dit aan persone toe te ken en waar dit reeds toegeken is, in te trek indien die houer daarvan hom na die oordeel van die uitvoerende bestuur op 'n wyse gedra wat die SASF of die stoeisport in die algemeen tot oneer strek of kan strek. Die reëls vir die vereistes vir die toekenning van kleure, kentekens en meriete is soos na verwys in bylae 4 tot die grondwet;

#### **Artikel 13.4.3**

nasionale kleure aan persone wat daarvoor kwalifiseer toe te ken.

#### **Artikel 13.4.4**

nominasies vir stoeiers, spanbestuurders, afrigters en verteenwoordigers van die SASF en verteenwoordigende spanne te oorweeg en die nodige aanstellings te maak. Die uitvoerende bestuur is verder gemagtig om nominasies vir alle spanne en ampte te maak en gradering van stoeiers te doen;

#### **Artikel 13.4.5**

ampsdraers aan te wys en stoei aangeleenthede binne en/of buite die Republiek te organiseer en te beheer;

#### **Artikel 13.4.6**

onderkomitees te benoem om spesifieke opdragte uit te voer en om verslae van sodanige komitees te ontvang, te oorweeg, en daaroor te beslis;

#### **Artikel 13.4.7**

tjek-; spaar en depositorekenings by geregistreerde handelsbanke en/of bougenootskappe te open, tekenmagte te bepaal en algemeen daarmee te handel tot voordeel van die SASF;

#### **Artikel 13.4.8**

op 'n goedgekeurde wyse roerende of onroerende goed van enige soort of beskrywing (insluitende nie-stoflike goedere en ander regte) te koop of andersins te verkry, en om lisensies, goedkeurings of vergunnings wat nodig is vir die verwesenliking van die SASF se doelwitte, te bekom;

#### **Artikel 13.4.9**

sy onderneming of enige deel van sy goed of bates te bestuur, te verseker, te verkoop, te verhuur, met verband of andersins te beswaar, te vervreem, in ruil te gee, te bewerk, te ontwikkel, te verbeter, voordelig te benut of op enige ander goedgekeurde wyse daarmee te handel vir die verwesenliking van die SASF se doelwitte;

#### **Artikel 13.4.10**

geld te leen;

#### **Artikel 13.4.11**

die nakoming van die SASF se verpligtinge op enige goedgekeurde wyse te verseker, insluitende die verhipotekering en verpanding van bates, met of sonder sekuriteit, met goedkeuring van die algemene bestuur;

- Artikel 13.4.12** vrywarings, waarborge en borgstellings aan te gaan en betaling daarkragtens op enige goedgekeurde wyse te verseker;
- Artikel 13.4.13** enige maatskappy, beslote korporasie, organisasie of liggaam met doelstellings soortgelyk aan die van die SASF in te lyf, te stig, te ondersteun, of 'n belang daarin te verkry met die goedkeuring van die algemene bestuur;
- Artikel 13.4.14** enige of al die SASF se bates, regte en/of verpligtinge aan enige in artikel 13.4.13 gemelde entiteit oor te dra, mits die SASF die beherende belang daarin hou en met die goedkeuring van die algemene bestuur.
- Artikel 13.4.15** deel te neem aan die bestuur, toesig en beheer van die sake of bedrywighede van enige maatskappy, beslote korporasie of liggaam met dieselfde of soortgelyke doelstellings as die SASF;
- Artikel 13.4.16** werknemers, adviseurs, konsultante, agente en kontrakteurs aan te stel, hulle redelik te vergoed en hulle dienste te beëindig, wanneer nodig;
- Artikel 13.4.17** skenkings te oorweeg en aan te beveel vir goedkeuring deur die algemene bestuur;
- Artikel 13.4.18** goedgekeurde borgskappe, sport vennootskappe, geskenke en bydraes van enige aard te aanvaar en te ontvang;
- Artikel 13.4.19** fondsinsamelingsprojekte te organiseer en te bestuur met die goedkeuring van die algemene bestuur;
- Artikel 13.4.20** getrouheidswaARBorg versekering uit te neem ten opsigte van weknemers van die SASF wat geld of bates van die SASF hanteer;
- Artikel 13.4.21** publieke aanspreeklikheidsversekering uit te neem;
- Artikel 13.4.22** nuusblaaië, tydskrifte, omsendbriewe en ander publikasies vir die bevordering van die doelstellings van die SASF, uit te gee en te versprei;
- Artikel 13.4.23** regsdinge aanhangig te maak, te verdedig en tot finaliteit te voer, en om vir daardie doel regsverteenwoordigers aan te stel en te vergoed;
- Artikel 13.4.24** toegangsgelde te vra ten opsigte van enige terrein of perseel onder die beheer van die SASF, om sodanige gelde vas te stel en om regulasies voor te skryf en voorwaardes neer te lê betreffende die toegang van die publiek, stoeiers en ander persone tot sodanige terrein of perseel;
- Artikel 13.4.25** sodanige ondergeskikte liggame of komitees daar te stel onderworpe aan sodanige bepalinge en voorwaardes wat die SASF van tyd tot tyd bepaal en om sodanige ondergeskikte liggame of komitees te herorganiseer of die bestaan daarvan te beëindig;
- Artikel 13.4.26** gedragskodes en reëls op te stel vir deelname aan kompetisies deur lede (wat insluit stoeiers, beamptes, afrigters, spanbestuurders en ampsdraers) en ander persone onder die jurisdiksie van die SASF (sien Bylae 6);
- Artikel 13.4.27** 'n winkel te bedryf, of om dit te laat bedryf, vir die koop en verkoop van stoeibenodighede en om gereeld verslagdoening te verkry tov voorraadvlakke en aktiwiteite van die winkel.
- Artikel 13.4.28** tweejaarliks 'n komitee aan te wys wat in samewerking met die tesourier die bedrywighede van die winkel bestuur.
- Artikel 13.4.29** van tyd tot tyd reëls goed te keur, uit te vaardig, te wysig, herverorden of te herroep met betrekking tot :

- Artikel 13.4.29.1** gedragskodes en reëls vir deelname aan kompetisies deur stoeiers, beamptes, afrigters, ampsdraers, spanbestuurders, lede en ander persone onder die jurisdiksie van die SASF;
- Artikel 13.4.29.2** die vertolking en implementering van die reëls van stoei;
- Artikel 13.4.29.3** voorwaardes en prosedures van affiliasie en lidmaatskap van lede by die SASF;
- Artikel 13.4.29.4** prosedures en reëls betreffende die inskrywing van stoeiers vir kompetisies, proewe en kampioenskappe;
- Artikel 13.4.29.5** die deelname aan kompetisies deur stoeiers, beamptes, afrigters, spanbestuurders en ampsdraers;
- Artikel 13.4.30** die ontvangs en oorweging van die stigting, organisasie, affiliasie en ontbinding van geaffilieerde stoeiverenigings, en 'n beslissing daarop te lewer nadat die regsadvieskomitee sy aanbevelings aan die uitvoerende bestuur voorgelê het;
- Artikel 13.4.31** alles te doen wat nodig is om die doelstellings en die bogemelde magte en bevoegdhede van die SASF uit te voer en die beeld van die sport te beskerm;
- Artikel 13.4.32** vergaderings van die SASF te belê ooreenkomstig die grondwet;
- Artikel 13.4.33** beheer oor stoei in die RSA uit te oefen;
- Artikel 13.4.34** in die algemeen alle uitvoerende handelingte namens die SASF te verrig;
- Artikel 13.4.35** toere te reël, goed te keur en toerkostes te bepaal;
- Artikel 13.4.36** promesses, wissels en enige ander verhandelbare of oordraagbare dokument te trek, uit te reik, te verly, te aanvaar, te endosseer of te verdiskonteer;
- Artikel 13.4.37** Oorweeg en 'n persoon aanstel om die SASF help met die volgende bemarking, fondsinsameling en die verkryging van borgskappe teen 'n nominale maandelikse fooi of as 'n persentasie van hoogstens 40% van die totale opbrengs van die fondse wat ingesamel word deur so 'n persoon.
- Artikel 13.4.38** Doen aansoek by die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens vir goedkeuring as 'n openbare weldaadsorganisasie wat ingevolge artikel 30 van die Inkomstebelastingwet. By goedkeuring van die bepalinge soos uiteengesit in artikel 18 uiteengesit word die SASF bind
- Artikel 13.5** **Pligte van lede van die uitvoerende bestuur**
- Artikel 13.5.1** **Die president**
- Artikel 13.5.1.1** Die president moet by alle vergaderings van die SASF as voorsitter optree en handel verder ooreenkomstig die opdragte van die vergadering. Die president het ex officio sitting en stemreg op alle rade/komitees van die SASF. Die president het die bevoegdheid en prerogatief om spreekbeurte toe te laat aan persone wat nie sitting op die vergadering het nie.
- Artikel 13.5.1.2** Het absolute diskresie in verband met ordesake op vergaderings van die SASF;
- Artikel 13.5.1.3** Moet jaarliks tydens die algemene jaarvergadering 'n jaarverslag oor die werksaamhede van die afgelope jaar lewer. Dit word van hom verwag om soveel nasionale stoei byeenkomste as moontlik as eregas by te woon;
- Artikel 13.5.1.4** Het die gesag om 'n vergadering van die uitvoerende bestuur of uitvoerende bestuurskomitee en/of met die verenigings se voorsitters of hul verteenwoordigers te belê met die oog daarop om spoedeisende sake van

nasionale of internasionale belang te bespreek en besluite daaroor te neem. Sodanige besluite sal by die daaropvolgende algemene bestuursvergadering gerapporteer word;

**Artikel 13.5.1.5** Het die gesag om persverklarings na oorlegpleging met die uitvoerende bestuur te maak.

**Artikel 13.5.2 Die vise-president**

**Artikel 13.5.2.1** Tree in die afwesigheid van die president as voorsitter van die SASF op en het in hierdie verband al die magte en pligte van die president. Indien die president of hierdie vise-president nie teenwoordig is nie, sal die vise-president, soos in Artikel 13.5.3. bepaal en, indien nie beskikbaar nie, die vise-president, soos in Artikel 13.5.4 bepaal, as voorsitter optree en al die magte en pligte van die president waarneem.

**Artikel 13.5.2.2** Moet in die afwesigheid van die president al sy/haar pligte nakom. Hy/sy sal in besonder die president bystaan met buitelandse skakeling en sal ook oorhoofs skakel met die beamerad, spanbestuurders, Gesondheid, Veiligheid en Sekuriteit - en administratiewe rade. Die vise-president het ex-officio sitting en stemreg op komitees wat ingevolge die grondwet sy/haar verantwoordelikheid is. Hy/sy moet ook sodanige ander pligte uitvoer soos deur die president of uitvoerende bestuur aan hom/haar opgedra.

**Artikel 13.5.3 Die vise-president**

**Artikel 13.5.3.1** Is verantwoordelik om die president by te staan met interne skakeling en kontak te handhaaf met alle stoeiverenigings, hetsy deur besoeke of deur middel van korrespondensie. Hy/sy sal ook oorhoofs skakel met die afrigtersraad, en bemerkings en media- en beplanningskomitees. Die vise-president het ex officio sitting en stemreg op komitees wat ingevolge hierdie grondwet sy/haar verantwoordelikheid is. Hy/sy moet ook sodanige ander pligte uitvoer soos deur die president of uitvoerende bestuur aan hom/haar opgedra.

**Artikel 13.5.4 Die vise-president**

**Artikel 13.5.4.1** Word verkies tot die amp geskep om voorsiening te maak vir die aanstelling van 'n histories benadeelde Suid-Afrikaner op die uitvoerende bestuur van die SASF;

**Artikel 13.5.4.2** Is bereid om die president met transformasie by te staan en om enige ander take wat aan hom/haar deur die president of die uitvoerende bestuur opgedra word, te onderneem. Hy/sy is ook bereid om verantwoordelikheid te aanvaar vir die bevordering van stoei in en tussen histories benadeelde gemeenskappe asook regstellende aksie in die bestuurstrukture van stoei regdeur Suid-Afrika.

Artikel 13.5.4.3 Die vise-president moet kwalifiseer as 'n histories benadeelde individu.

**Artikel 13.5.4.4** Ten minste een van die drie vise-presidente, ooreenkomstig artikels 13.5.2, 13.5.3 en 13.5.4, sal as 'n histories benadeelde persoon kwalifiseer.

**Artikel 13.5.4.5** Verseker dat elkeen van die komitees (Administrasie, afrigters, spanbestuurders en GVSR) 'n lid te ontwikkel dryf binne die subkomitee

**Artikel 13.5.5 Die sekretaris-generaal**

**Artikel 13.5.5.1** Moet alle korrespondensie in die naam van die SASF ontvang, beheer en bespoedig. Hy/sy moet alle regsgeldende kennisgewings aan alle betrokke lede, soos van toepassing, stuur. Hy/sy moet ook 'n ontvangserkennings register van alle ter saaklike dokumente wat uitgestuur word, byhou. Hy/sy

moet ook behoorlik register hou van al die SASF kampioenskappe en proewe, asook van alle Internasionale toernooie, kampioenskappe en proewe. 'n Databasis tov internasionale deelname en prestasies moet bygehou word. Hy/sy sal ondermeer verantwoordelik wees vir alle buitelandse korrespondensie. Die sekretaris-generaal is verder verantwoordelik vir die bewaring van dokumentasie wat by ontruiming van die amp, formeel met skriftelike erkenning aan die opvolger oorhandig moet word.

Die sekretaris-generaal het ex-officio sitting op alle komitees van die SASF. Hy/sy moet ook enige ander pligte uitvoer soos deur die president en uitvoerende bestuur aan hom/haar opgedra.

**Artikel 13.5.5.2** Hy/sy moet 'n behoorlike teenwoordigheidsregister hou van alle vergaderings en kontroleer dat daar ten alle tye 'n kworum teenwoordig is.

**Artikel 13.5.6** **Geskrap**

**Artikel 13.5.6.1** Geskrap

**Artikel 13.5.7** **Geskrap**

**Artikel 13.5.7.1** Geskrap

**Artikel 13.5.8** **Die tesourier**

**Artikel 13.5.8.1** Die tesourier moet alle gelde wat aan die SASF veskuldig is, toekom of geskenk word, invorder, ontvang en verseker dat dit in die SASF se bankrekening deponer word. By die ontvangs van enige geld moet 'n kwitansie, sonder enige vertraging, daarvoor uitreik word en deurslag afskrifte van alle kwitansies moet gehou word. Gelyksoorte kwitansies vir enige direkte depositos deur derde partye moet ook uitgereik word sodra die inbetaler geïdentifiseer is. Die tesourier moet van alle inkomste en uitgawes behoorlik boekhou en by elke gewone algemene- en uitvoerende bestuursvergadering die jongste tussentydse finansiële staat voorlê. Hy/sy moet ook tydens die algemene jaarvergadering behoorlik geouditeerde finale finansiële state voorlê. Die tesourier is ook verantwoordelik vir die ordelike werksaamhede van die winkel en vir die verslagdoening aan die bestuur soos deur die grondwet vereis.

**Arikel 13.5.8.2** Hy/sy moet alle eiendomme en bates van die SASF beskerm en veilig bewaar of reël vir die beskerming van alle persele en bates van die SASF. 'n Inventaris daarvan moet gehou word en 'n behoorlike staat van sodanige eiendomme en bates moet by elke algemene jaarvergadering voorgelê word.

**Artikel 13.5.8.3** Hy/sy moet alle finansiële dokumente en/of rekenkundige rekords (dokumentêre bewyse) veilig bewaar ooreenkomstig die maatskappy wet, (wet 61 van 1973, soos gewysig) en dieselfde voorgeskrewe tydperke daarin vermeld, is op hierdie artikel van toepassing. Aan die einde van sy/haar termyn as tesourier, moet voormelde dokumente, sowel as dié volgens die inkomstebelasting wet en regulasies, formeel met skriftelike erkenning van ontvangs daarvan, aan sy/haar opvolger oorhandig word.

**Artikel 13.5.8.4** Hy/sy moet ook sodanige ander pligte uitvoer soos deur die president of uitvoerende bestuur aan hom/haar opgedra.

**Artikel 13.5.9** **Die hulptesourier en hulp sekretaris-generaal**

**Artikel 13.5.9.1** Die Die hulptesourier en hulp sekretaris-generaal is verantwoordelik vir die hou van 'n register van alle registrasies van stoeiers van elke stoeivereniging. Hy/sy moet in noue samewerking met die tesourier sy/haar pligte verrig en hom/haar by alle SA stoei-aktiwiteite behulpsaam wees.

Gedurende die afwesigheid van die tesourier moet die hulptesourier al sy/haar pligte oorneem. Hy/sy moet ook alle sodanige pligte uitvoer wat die president of die uitvoerende bestuur aan hom/haar opdra.

**Artikel 13.5.9.1** Moet van alle vergaderings behoorlik getikte notules hou, wat in 'n register of boek ingebind moet word. Hy/sy is in samewerking met die sekretaris-generaal ook verantwoordelik vir die uitstuur van notules en sakelyste. Hy/sy moet ook ooreenkomstig die opdragte van die uitvoerende bestuur handel. Tydens alle nasionale kampioenskappe, proewe of internasionale wedstryde of proewe, moet hy/sy die sekretaris-generaal behulpsaam wees. Hy/sy moet ook sodanige ander pligte uitvoer soos deur die president en die uitvoerende bestuur aan hom/haar opgedra.

**Artikel 13.6** **Uitvoerende bestuurskomitee**

**Artikel 13.6.1** Die uitvoerende bestuur sal ook 'n uitvoerendebestuurskomitee hê wat oor die dag tot dag sake en beheer van die SASF sal byeenkom of beraadslaag. Besluite geneem by sodanige uitvoerende bestuurskomiteevergaderings is bindend op die uitvoerende bestuur. Nadat die uitvoerende bestuurskomitee 'n besluit geneem het, moet dit aan die ander lede van die uitvoerende bestuur by die volgende vergadering van die uitvoerende bestuur gekommunikeer word. Die uitvoerende bestuurskomitee bestaan uit ses (6) lede, naamlik die president, die vise-president, die vise-president, die vise-president, die sekretaris-generaal en die tesourier.

**Artikel 13.6.2** Nieteenstaande die bepalings van enige ander artikel in die grondwet, sal slegs die lede van die uitvoerende bestuurskomitee by enige vergadering van die uitvoerende bestuur stemgeregtig wees.

**Artikel 13.7** **Mosies van wantroue**

**Artikel 13.7.1** Bykomend tot die ontslag van 'n lid van die uitvoerende bestuur, in ooreenstemming met die bepalings van die tugkode, sal 'n lid van die uitvoerende bestuur afstand doen van sy/haar amp indien 'n mosie van wantroue teen daardie lid slaag.

**Artikel 13.7.2** 'n Mosie van wantroue teen 'n lid/lede van die uitvoerende bestuur of uitvoerende bestuurskomitee in sy geheel mag, onder die volgende omstandighede, ingestel word en die volgende prosedures sal geld vir die oorweging en beslissing van sodanige mosie:

**Artikel 13.7.2.1** Wanneer drie of meer geaffilieerde stoeiverenigings skriftelike kennis gee van hulle voorneme om 'n mosie van wantroue teen 'n lid/lede van die uitvoerende bestuur in te stel, met besonderhede vir die redes vir die mosie, sal die sekretaris-generaal 'n spesiale algemene vergadering, volgens die bepalings van artikels 11.2 en 11.3, vir daardie doel belê. Sodanige vergadering sal binne 14 dae na ontvangs van die kennisgewing in hierdie artikel bedoel, belê word.

**Artikel 13.7.2.2** Indien die president een van die lede is waarteen die mosie van wantroue ingestel is, sal die ere-president die voorsitterstoel moet inneem vir daardie spesiale algemene vergadering. Indien die ere-president by die mosie van wantroue betrokke is, sal 'n vise-president die voorsitterstoel inneem.

Indien 'n vise-president nie beskikbaar is om die voorsitterstoel in te neem nie, sal die spesiale algemene vergadering, onder die aanvanklike leierskap van die president, 'n voorsitter kies vir daardie spesifieke vergadering, deur middel van 'n volstrekte meederheid, welke individu ook 'n buitestaander mag wees. Indien 'n geskikte voorsitter nie die vergadering onmiddelik kan

bywoon nie, mag die president die vergadering vir 'n uur uitstel, tot 'n geskikte voorsitter gevind kan word.

**Artikel 13.7.2.3** Die voorsitter van die betrokke vergadering het absolute diskresie met betrekking tot die orde reëlens vir die duur van die vergadering.

**Artikel 13.7.2.4** Die verteenwoordiger van die indieneer/s van die mosie, word die geleentheid gegee om eerste te praat, en die voorlaaste beurt om te praat, asook soveel beurte tussen in as die voorsitter in sy absolute diskresie dit toelaat. Die persoon of verteenwoordiger van die persone teen wie die mosie ingestel is, ontvang die tweede beurt om te praat asook die laaste beurt om te praat, en soveel beurte as wat die voorsitter in sy absolute diskresie dit toelaat.

**Artikel 13.7.2.5** Nadat die voorsitter die laaste beurt om te praat, toegelaat het, vind stemming oor die mosie plaas. Die mosie word aangeneem indien die meerderheid van die stemgeregtigde kiesers daarvoor stem. Indien die mosie slaag, word die lid/lede onmiddelik uit hulle ampe ontslaan en die vergadering verkies summier persone wat in 'n tydelike hoedanigheid die funksies van die ontslane lid/lede kan oorneem. Individue is volgens die bepalings van artikel 10.8 van die grondwet verkies. Daarna word die prosedure soos in artikel 13.2.1 omskryf, aangewend om die betrokke vakatures wat uit die ontslag ontstaan het, te vul.

**Artikel 13.7.2.6** Die verkiesing word tydens die spesiale algemene vergadering gehou, volgens die bepalings van artikels 10.1 tot 10.8 betreffende spesifieke verwysing na stemprosedures en reëls.

**Artikel 13.7.2.7** Indien die mosie misluk, sal die uitvoerende bestuur en betrokke lede gewoonweg met hulle onderskeie take voortgaan.

## **SEKSIE 14**

## **KOMITEES**

**Artikel 14.1** **Die beampteraad**

**Artikel 14.1.1** Die beampteraad bestaan uit 7 (sewe) lede.

**Artikel 14.1.2** Lede van die beampteraad word ooreenkomstig die bepalings van artikel 14.11.1 van die grondwet verkies en moet aan die volgende vereistes voldoen :

**Artikel 14.1.2.1** 'n aktiewe beampte wees, soos in die reëls van die beampteraad bepaal;

**Artikel 14.1.2.2** die houder van minstens 'n SASF kategorie E gradering wees, of soos in die reëls van die beampteraad bepaal;

**Artikel 14.1.2.3** in staat en bevoeg wees om beampte kursusse op nasionale vlak aan te bied.

**Artikel 14.1.3** Die verkiesing van lede van die beampteraad geskied ooreenkomstig die bepalings van die grondwet.

**Artikel 14.1.4** Die beampteraad het die bevoegheid om eie reëls op te stel en self 'n werksprogram uit te werk waarvolgens sy pligte uitgevoer word, met dien verstande dat sodanige reëls en werksprogram onderhewig is aan die goedkeuring van die uitvoerende bestuur van die SASF en van tyd tot tyd hersien en indien nodig, gewysig word om aan te pas by die bepalings van die grondwet van die SASF.

**Artikel 14.1.5** Die beampteraad moet ook die volgende pligte uitvoer:

**Artikel 14.1.5.1** voorsiening maak vir die opleiding, registrasie en gradering van beamptes;

**Artikel 14.1.5.2** kursusse reël, aanbied en eksamens vir beamptes laat aflê;

- Artikel 14.1.5.3** sertifikaat uitreik of intrek vir alle beamptes;
- Artikel 14.1.5.4** die stoeireëls nagaan en aanbevelings daaromtrent aan die uitvoerende bestuur voorlê vir hulle beslissing;
- Artikel 14.1.5.5** beheer uitoefen oor beamptes tydens alle stoei toernooie in Suid-Afrika;
- Artikel 14.1.5.6** aanbevelings maak by die uitvoerende bestuur vir die toekenning van Suid-Afrikaanse beampte kleure of ander toekennings, aan persone wat daarvoor kwalifiseer;
- Artikel 14.1.5.7** sodanige ander opdragte uitvoer wat van tyd tot tyd deur die uitvoerende bestuur opgedra word.
- Artikel 14.1.5.8** die beampteraad is verantwoordelik om 'n hoë tegniese standaard tydens toernooie te handhaaf.
- Artikel 14.1.6** die reëls van die beampteraad verskyn as bylae 7 van die grondwet.
- Artikel 14.2** **Die afrigtersraad**
- Artikel 14.2.1** Die afrigtersraad bestaan uit 9 (nege) lede.
- Artikel 14.2.2** Die afrigtersraad word ooreenkomstig die bepalings van artikel 14.11.1 van die grondwet verkies en moet aan die volgende vereistes voldoen:
- Artikel 14.2.2.1** oor ten minste 'n nasionale vlak 3 (drie) gradering beskik;
- Artikel 14.2.2.2** 'n aktiewe afrigter wees;
- Artikel 14.2.2.3** kursusse op nasionale vlak kan aanbied.
- Artikel 14.2.3** Die afrigtersraad het die bevoegheid om:
- Artikel 14.2.3.1** eie reëls op te stel en self sy werksprogram uit te werk waarvolgens sy pligte uitgevoer word, met dien verstande dat albei onderhewig is aan die goedkeuring van die uitvoerende bestuur en moet van tyd tot tyd hersien en, indien nodig, gewysig moet word om aan te pas by die bepalings van die grondwet van die SASF;
- Artikel 14.2.3.2** so dikwels as wat nodig is, te vergader vir die afhandeling van sake en die formulering van tegnieke;
- Artikel 14.2.3.3** afrigters aangeleenthede te hanteer en aanbevelings by die uitvoerende bestuur te maak;
- Artikel 14.2.3.4** aanbevelings te maak vir afrigters van stoeispanne in die Republiek sowel as in die buiteland;
- Artikel 14.2.3.5** goedgekeurde nasionale en provinsiale afrigters- en deelnemerskursusse aan te bied;
- Artikel 14.2.3.6** voorsiening te maak vir die opleiding, registrasie en gradering van afrigters;
- Artikel 14.2.3.7** aanbevelings te maak by die uitvoerende bestuur vir die toekenning van afrigters kleure of ander toekennings aan persone wat daarvoor kwalifiseer;
- Artikel 14.2.3.8** om die aktiwiteite van 'n stoei instituut en „Die top 50“ raad op 'n professionele wyse te bestuur
- Artikel 14.2.3.9** sodanige ander opdragte insluitende opdragte van 'n tegniese aard, soos wat van tyd tot tyd deur die uitvoerende bestuur opgedra, uit te voer.
- Artikel 14.2.4** Die afrigtersraad is in alle opsigte ondergeskik aan die uitvoerende bestuur.
- Artikel 14.2.5** Die reëls van die afrigtersraad verskyn as bylae 8 van die grondwet.
- Artikel 14.3** **Die Gesondheid, Veiligheid en Sekuriteiraad**

- Artikel 14.3.1** Die GVS raad (Voorsitter, Ondervoorsitter, Sekretaris, 1 lid wat aangewys is om veiligheid en sekuriteit, 1 lid wat aangewys is om gesondheid) en die Mediese Konsultant soos op die algemene jaarvergadering van die SASF aangestel soos uiteengesit in Artikel 14.3.2.1.
- Artikel 14.3.2** sal bestaan uit die 5 lede van stoei verenigings en die mediese konsultant. Die voorsitter verkies in ooreenstemming met die bepalings van artikel 14.11.1 van die grondwet. Die raad moet voldoen aan die volgende vereistes voldoen
- Artikel 14.3.2.1** Die voorsitter hoef nie noodwendig 'n mediese dokter te wees nie. 'n Mediese dokter, met die benaming "Mediese Konsultant" sal by die jaarvergadering van die SASF aangestel word om aan United World Wrestling vereistes te voldoen.
- Artikel 14.3.2.2** Die 6 (ses) lede moet elkeen minstens oor een of ander noodhulp sertifikaat beskik. 'n Belangstelling in of betrokkenheid by 'n sport geneeskundige aktiwiteit, hetsy stoei of 'n ander sport, sal 'n aanbeveling wees.
- Artikel 14.3.3** Die medieseraad moet omsien na die mediese vereistes van stoeiers tydens nasionale stoei-aktiwiteite.
- Artikel 14.3.4** Die medieseraad sal verantwoordelik wees vir :
- Artikel 14.3.4.1** registrasie van alle mediese komiteelede regdeur die land en die uitreiking van registrasiekaarte;
- Artikel 14.3.4.2** kontrole van provinsiale aktiwiteite deur evaluering van verslae soos en wanneer aangevra, waaronder terugvoering oor implementering van die HIV beleid, en/ of beseringsverslae;
- Artikel 14.3.4.3** die samestelling of koördinerings van opleidingsprogramme na gelang van behoeftes van provinsies soos geïdentifiseer, insluitend noodhulp opleiding;
- Artikel 14.3.4.4** die evaluering van beseringsverslae, insluitend enige ander pertinente inligting en die samestelling van aanbevelings vir die verbetering of implementering van nuwe tendense;
- Artikel 14.3.4.5** bestuur van 'n opvoedingsprogram van opkikker/verbode middels kontrole program ("Doping Control") soos vervat in die mediesereëls in ooreenstemming met United World Wrestling se regulasies, SASKOK se anti-dwelm beleid, die Lausanne verklaring gedateer 04 Feb 1999, en jongste daaropvolgende verklaring, asook die voorskrifte in die wet op dwelmvrye sport, wet 14 van 1997 en betrokke bylae en regulasies, soos van tyd tot tyd gewysig. Die uitvoering en beheer van die program is onderhewig aan die reëls, regulasies en vereistes soos jaarliks gestel deur United World Wrestling, IOK, en SASKOK in ooreenstemming met die Lausanne ooreenkoms gedateer 04 Feb 1999 en jongste daaropvolgende verklaring, asook die Suid-Afrikaanse Instituut vir Dwelmvrye Sport (SAIDS);
- Artikel 14.3.4.6** die uitvoering van enige ander opdragte insluitende opdragte van 'n tegniese aard, soos van tyd tot tyd deur die uitvoerende bestuur aan die Gesondheid, Veiligheid en Sekuriteitraad opgedra.
- Artikel 14.3.5** Die uitdrukking "verbode tegniek" sluit onder andere die volgende in :
- Artikel 14.3.5.1** Die gebruik/inname/toediening van dwelms (ontoelaatbare mengsels/middels) is 'n oortreding van die etiese norme in sport en die mediese wetenskap en bestaan onder andere uit:-

- Artikel 14.3.5.1.1** die gebruik/inname/toediening van middels geklassifiseer as farmaseutiese middels, gespesifiseer deur liggame en beleide soos in artikel 14.3.4.5 vermeld.
- Artikel 14.3.6** Die medieseraad het die bevoegdheid om sy eie reëls op te stel en self sy werksprogram uit te werk waarvolgens sy pligte uitgevoer word, met dien verstande dat albei onderhewig is aan die goedkeuring van die uitvoerende bestuur van die SASF.
- Artikel 14.3.7** Die reëls van die Gesondheid, Veiligheid en Sekuriteitsraad verskyn as bylae 9 van die grondwet.
- Artikel 14.4** **Spanbestuurdersraad**
- Artikel 14.4.1** Die spanbestuurdersraad bestaan uit 7 (sewe) lede.
- Artikel 14.4.2** Die spanbestuurdersraad is verkies volgens die bepalings van artikel 14.11.1 van die grondwet en moet aan die volgende vereistes voldoen:
- Artikel 14.4.2.1** in besit wees van 'n Suid-Afrikaanse vlak 3 (drie) gradering of hoër gradering en elkeen moet as 'n lid van 'n stoeivereniging geregistreer wees.
- Artikel 14.4.2.2** in staat wees om 'n spanbestuurderskursus op provinsiale en internasionale vlak aan te bied.
- Artikel 14.4.3** Skriftelike nominasies word deur die bestaande spanbestuurdersraad gekontroleer om te verseker dat die genomineerdes aan die voorwaardes in terme van die voorgenoemde artikels 14.4.2.1 en 14.4.2.2 voldoen, waarna dit aan die uitvoerende bestuur voorgelê word vir goedkeuring en verspreiding aan die provinsies.
- Artikel 14.4.4** Die spanbestuurdersraad het die bevoegdheid om sy eie reëls op te stel en self sy werksprogram uit te werk waarvolgens sy pligte uitgevoer word, met dien verstande dat albei onderhewig is aan die goedkeuring van die uitvoerende bestuur en moet van tyd tot tyd hersien word en, waar nodig, gewysig word om by die bepalings van die grondwet van die SASF aan te pas.
- Artikel 14.4.5** Die spanbestuurdersraad is verantwoordelik vir:
- Artikel 14.4.5.1** die opleiding van genoegsame spanbestuurders vir nasionale en internasionale stoei-aktiwiteite;
- Artikel 14.4.5.2** die aanbieding van goedgekeurde kursusse op nasionale en internasionale vlakke waar gradering gedoen sal word;
- Artikel 14.4.5.3** die monitering van die aktiwiteite van spanbestuurders by nasionale en internasionale stoei-aktiwiteite;
- Artikel 14.4.5.4** die uitvoering van opdragte deur die uitvoerende bestuur van die SASF;
- Artikel 14.4.6** Die spanbestuurdersraad ontvang alle nominasies vir spanbestuurders vir nasionale en internasionale spanne via die sekretaris-generaal, om:
- Artikel 14.4.6.1** te verseker dat alle genomineerdes voldoen aan die vereistes in die grondwet en die reëls van die spanbestuurdersraad (bylae 16); en
- Artikel 14.4.6.2** 'n aanbeveling aan die uitvoerende bestuur van die SASF te maak vir die aanstelling van spanbestuurders.
- Artikel 14.4.7** Die reëls van die spanbestuurdersraad verskyn as bylae 16 van die grondwet.
- Artikel 14.5** **Die administratieweraad**
- Artikel 14.5.1** Die administratieweraad bestaan uit vyf (5) lede.

- Artikel 14.5.2** Die administratieweraad word ooreenkomstig artikel 14.11.1 van die grondwet gekies en moet aan die volgende vereistes voldoen:
- Artikel 14.5.2.1** die voorsitter is die sekretaris-generaal van die SASF;
- Artikel 14.5.2.2** die vier (4) bykomende lede moet die houers van 'n K3 gradering wees;
- Artikel 14.5.2.3** lede moet instaat wees om 'n administratiewe kursus op nasionale vlak aan te bied.
- Artikel 14.5.3** Skriftelike nominasies vir lede van die administratieweraad moet aan die sekretaris-generaal van die SASF gestuur word om in sy besit te wees op 'n datum wat van tyd tot tyd bepaal sal word. Sodanige nominasies word deur die uitvoerende bestuur van die SASF gekontroleer ten einde te verseker dat genomineerdes aan die bepalings van sub-artikels 14.5.2.2 tot 14.5.2.3 voldoen.
- Artikel 14.5.4** Die administratieweraad het die bevoegdheid om sy eie reëls op te stel en self sy eie werksprogram uit te werk waarvolgens sy pligte uitgevoer word, met dien verstande dat albei onderhewig is aan die goedkeuring van die uitvoerende bestuur.
- Artikel 14.5.5** Die funksie van die raad is om alle take van 'n administratiewe aard tydens SA stoei-aktiwiteite te behartig, en om te verseker dat voldoende administratiewe beamptes opgelei word en dat daar ook administratiewe kursusse aangebied word waartydens gradering sal geskied. Die administratiewe raad moet ook enige ander opdragte, insluitende opdragte van 'n tegniese aard, uitvoer soos van tyd tot tyd aan hulle opgedra.
- Artikel 14.5.6** Die reëls van die administratieweraad verskyn as bylae 11 van die grondwet.
- Artikel 14.6** **Die bemarkings en mediakomitee**
- Artikel 14.6.1** Die bemarkings en mediakomitee sal uit die voorsitter en 4 (vier) lede bestaan. Die voorsitter word by die algemene jaarvergadering van die SASF verkies.
- Artikel 14.6.2** Die vier lede word deur die uitvoerende bestuur van die SASF verkies, maar nie noodwendig uit die geledere van die uitvoerende bestuur nie.
- Artikel 14.6.3** Skriftelike nominasies vir lede van die mediakomitee word tweejaarliks aan die sekretaris-generaal van die SASF gestuur sodat dit in sy/haar besit is op 'n datum wat van tyd tot tyd bepaal sal word. Hierdie nominasies word dan aan die uitvoerende bestuur voorgelê vir kontrolering.
- Artikel 14.6.4** Die verkose lede verkies 'n eie vise-voorsitter, sekretaris en hulpsekretaris .
- Artikel 14.6.5** Die bemarkings en mediakomitee het die bevoegdheid om sy eie reëls op te stel en self sy werksprogram uit te werk waarvolgens sy pligte uitgevoer word, met dien verstande dat albei onderhewig is aan die goedkeuring van die uitvoerende bestuur.
- Artikel 14.6.6** Die reëls van die bemarkings en mediakomitee verskyn as bylae 10 van die grondwet.
- Artikel 14.6.7** Sal die sekretaris-generaal by te staan in alle sake aan hom / haar opgedra word deur gebruik te maak van korrespondensie of enige ander medium van kommunikasie. Hy / sy is ook verantwoordelik vir die verspreiding van kennisgewings en omsendbriewe. Hy / sy sal ook enige ander pligte aan hom / haar opgedra word deur die president en die uitvoerende bestuur vervul
- Artikel 14.7** **Beplanningskomitee**

- Artikel 14.7.1** Die beplanningskomitee sal bestaan uit vyf (5) lede en 'n voorsitter wat deur die uitvoerende bestuur uit sy geledere aangewys word, en het die reg tot ko-öptering van enige persoon wat nie op die uitvoerende bestuur dien nie.
- Artikel 14.7.2** Die verkose lede verkies 'n eie vise-voorsitter en sekretaris.
- Artikel 14.7.3** Die komitee het die bevoegdheid om sy eie reëls en 'n eie werkprogram op te stel met dien verstande dat albei onderhewig is aan die goedkeuring van die uitvoerende bestuur.
- Artikel 14.7.4** Die reëls van die beplanningskomitee verskyn as bylae 12 van die grondwet.
- Artikel 14.8** **Geskrap**
- Artikel 14.8.1** Geskrap
- Artikel 14.8.2** Geskrap
- Artikel 14.8.3** Geskrap
- Artikel 14.8.4** Geskrap
- Artikel 14.8.5** Geskrap
- Artikel 14.9** **Die regsadvieskomitee**
- Artikel 14.9.1** Die SASF sal 'n regsadvieskomitee hê wat uit 4 (vier) lede bestaan. Die komitee word soos volg saamgestel:
- Artikel 14.9.1.1** die SASF se regsadviseur;
- Artikel 14.9.1.2** die voorsitter wat deur en vanuit die uitvoerende bestuur verkies word;
- Artikel 14.9.1.3** twee bykomende lede wat deur die uitvoerende bestuur verkies word maar nie noodwendig lede van die uitvoerende bestuur is nie, en ten minste een van wie 'n regsgraad besit. Die komitee het die bevoegdheid om op ad hoc basis lede vir 'n spesifieke taak aan te wys.
- Artikel 14.9.2** Skriftelike nominasies vir die 2 (twee) bykomende lede word tweejaarliks aan die sekretaris-generaal gestuur om in sy/haar besit te wees op 'n datum wat van tyd tot tyd bepaal sal word. Die uitvoerende bestuur kontroleer die nominasies en verkies 2 (twee) lede.
- Artikel 14.9.3** Die regsadvieskomitee sal 'n sekretaris aanwys vanuit die verkose lede.
- Artikel 14.9.4** Die regsadvieskomitee het die bevoegdheid om sy eie reëls op te stel en self sy werkprogram en werkswyse uit te werk met dien verstande dat albei onderhewig is aan die goedkeuring van die uitvoerende bestuur.
- Artikel 14.9.5** Die reëls van die regsadvieskomitee verskyn as bylae 14 van die grondwet.
- Artikel 14.9.6** Die regsadvieskomitee is verantwoordelik vir die verklaring en vertolking van die grondwet, en alle navrae in daardie verband moet aan die regsadvieskomitee vir regsadvies in daardie opsig verwys word.
- Artikel 14.10** **Geskrap**
- Artikel 14.10.1** Geskrap
- Artikel 14.10.2** Geskrap
- Artikel 14.10.3** Geskrap

**Artikel 14.11**                    **Verkiesing van lede van die afdigtersraad, die beampteraad, die gesondheid, veiligheid en sekuriteitraad, die spanbestuurdersraad en administratieweraad**

**Artikel 14.11.1**                Lede van die rade in seksie 14 uiteengesit word tweejaarliks verkies op hulle onderskeie algemene jaarvergaderings. By hierdie vergaderings sal die stemming plaasvind volgens die stemprosedures van die algemene jaarvergadering en elke raadslid, beginnende met die voorsitter, sal afsonderlik gekies word, een na die ander, totdat elke pos op die raad gevul is.

**Artikel 14.11.2**                Die onderskeie rade moet jaarliks 'n jaarvergadering belê vanaf 08:00 tot 11:00 op dieselfde dag as die algemene jaarvergadering van die SASF. Kennisgewing van die jaarvergaderings moet minstens 30 dae voor die vergadering gegee word.

**Artikel 14.11.3**                Elke geaffilieerde stoeivereniging is geregtig om een stem op sodanige jaarvergadering van die besondere rade uit te bring, deur middel van 'n afgevaardigde gevolmatigde(s) van die betrokke stoeivereniging, of skriftelike volmag, met spesifieke stemopdragte aan 'n afgevaardigde van 'n ander geaffilieerde stoeivereniging, of sodanige volmag aan die president van die SASF, of enige ander lid van die uitvoerende bestuur van die SASF.

**Artikel 14.11.4**                Skriftelike nominasies vir lede van die onderskeie rade, moet aan die sekretaris-generaal en die voorsitters van daardie rade gestuur word, soos in artikel 10.4.1 bepaal. Lede wat aldus genomineer word moet aan die vereistes van die grondwet en van die onderskeie rade se reëls voldoen.

**Artikel 14.11.5**                Die bepalings wat geld vir 'n kworum vir die algemene jaarvergadering van die SASF sal ook geld vir die algemene jaarvergadering van die onderskeie rade, met dien verstande dat volmag stemme vir doeleindes van die kworum in ag geneem word.

**Artikel 14.11.6**                Tydens die algemene jaarvergadering van die verskillende komitees, word die aantal lede, soos die grondwet vereis, verkies. Elke stemgeregtigde kieser sal dieselfde aantal stemme uitbring as waarvoor daar vakatures is, andersins sal die stem as 'n bedorwe stem beskou word. Die voorsitter van elke sodanige algemene jaarvergadering moet die name van die verkose lede aan die sekretaris-generaal van die SASF verskaf, vir sirkulering aan geaffilieerde stoeiverenigings en die algemene jaarvergadering van die SASF vir bekragtiging.

**Artikel 14.11.7**                Die jaarverslae van die voorsitters van die onderskeie rade sal in behandeling geneem word tydens hul onderskeie algemene jaarvergaderings. Genoemde verslae sal beskikbaar gemaak word tydens die algemene jaarvergadering van die SASF.

**Artikel 14.11.8**                In die geval waar 'n vakature by enige van die rade mag ontstaan, sal daardie vakature gevul word deur die persoon met die hoogste aantal stemme van die nie-verkose lede, en moet dit by die eersvolgende algemene bestuursvergadering bekragtig word.

**SEKSIE 15**                    **VERPLIGTINGS VAN GEWESE AMPSDRAERS**

**Artikel 15.1**                    Indien enige ampsdraer van die SASF of rade/komitees sy/haar pos vir watter rede ookal sou verlaat, en nalaat om alle dokumentasie, inligting, mondeliks of skriftelik, wat optrede deur die SASF benodig, en ander eiendom van die SASF, behoorlik aan sy/haar opvolger te oorhandig, binne dertig dae nadat hy/sy van die pos afstand gedoen het, sal sodanige vorige

ampsdraer 'n spesiale voorlegging met redes by die uitvoerende bestuur van die SASF vir goedkeuring moet voorlê waarom hy/sy vir enige toekomstige pos in die SASF, stoeiverenigings of stoeiklubs, in aanmerking mag kom, of toegelaat sal word om aan enige stoei-aktiwiteite hoegenaamd deel te neem of enige klubs te stig.

**Artikel 15.2** In die geval van enige ander lid van die SASF wat inligting weerhou wat tot sy/haar kennis gekom het, onder omstandighede soos in artikel 15.1 gemeld, sonder om dit onder die aandag van die SASF te bring, sal artikel 15.1 ook op sodanige lid van toepassing wees, indien hy/sy skuldig bevind word in 'n tugverhoor gehou deur die SASF in hierdie verband.

## **SEKSIE 16**

### **VERBODE MIDDELS**

**Artikel 16.1** Die inname of gebruik van enige middel wat bedoel is om die prestasie van die atleet kunsmatig te verhoog is streng verbode. Die IOK se amptelike lys is gesaghebbend.

**Artikel 16.2** In wedstryde waar die SASF toesighoudend is, sal ondersoeke of toetse uitgevoer word volgens die voorwaardes neergelê in die SASF se verbode middel regulasies, en onder geen omstandighede mag die mededingers, ampsdraers of beamptes hierdie kontroles, onder straf van sanksies uiteengesit in die SASF verbode middel regulasies, teenstaan nie.

**Article 16.3** Dit word nietemin benadruk dat, om teen verbode middels te veg, die verantwoordelikheid vir kontrole oor gesondheid en verdoving van atlete, in die eerste plek by die klub, die vereniging en die SASF lê.

**Artikel 16.4** Die toetsing vir verbode middels op atlete mag op versoek van die SASF verskeie kere per jaar, binne of buite wedstryde, deur die Nasionale Verbode Middels Agentskap, te eniger tyd en in enige land uitgevoer word.

## **SEKSIE 17**

### **GRONDWET**

**Artikel 17.1** **Onderhewigheid:**

**Artikel 17.1.1** Alle geaffilieerde stoeiverenigings, klubs en lede daarvan (soos omskryf in die grondwet) en alle deelnemers is te alle tye onderhewig aan die bepalings van die grondwet, komitee reëls, reëls, gedragskodes, beleids- en ander voorskrifte van die SASF. Die grondwet, sy komitee reëls, reëls, gedragskodes, beleids- en ander voorskrifte van 'n geaffilieerde stoeivereniging mag nie so opgestel word dat dit strydig is met die grondwet, sy komitee reëls, reëls, gedragskodes, beleids- en ander voorskrifte van die SASF nie. Waar enige teenstrydigheid sou voorkom sal die SASF se grondwet voorrang geniet.

**Artikel 17.1.2** Wysigings van die grondwet mag slegs op 'n algemene jaarvergadering of spesiale algemene vergadering goedgekeur word. Die assistent sekretaris-generaal moet ten minste 30 (dertig) dae skriftelik kennis gee aan die lede van die uitvoerende bestuur, lewenslange erelede en alle geaffilieerde stoeiverenigings van enige voorstel rakende wysigings van die grondwet. Wysigings mag slegs met 'n twee derde meerderheid stem, afgerond tot die vorige volle nommer, aanvaar word.

**Artikel 17.1.3** Alle wysigings van die komitee reëls word deur die uitvoerende bestuur bekragtig, gewysig of afgekeur.

**Artikel 17.2** **Vertolking**

**Artikel 17.2.1** Indien daar 'n teenstrydigheid tussen die vertolking van die die afrikaanse en engelse tekste van die grondwet opduik, geniet die engelse teks voorkeur.

**Artikel 17.2.2                    Finansies**

**Artikel 17.2.2.1**                Geen persoon het enige reg op, of is geregtig op, of belang in die fondse of ander bates van die SASF nie. Alle inkomste, eiendomme of bates word uitsluitlik aangewend ter bevordering van die SASF se doelwitte soos in die grondwet bepaal en geen gedeelte van enige bates word in die vorm van dividende, bonusse of winste aan enige persoon oorgedra nie. Die voorafgaande belet egter nie die bona fide betaling van gelde aan enige lid deur hom/haar in diens van die SASF uitgegee, honoraria aan onbetaalde beamptes van die SASF of salarisse en/of ander uitgawes en vergoeding aan 'n persoon of persone nie.

**Artikel 17.2.2.2**                Die finansiële aanspreeklikheid van enige lid van die SASF vir enige skuld van die SASF of deur die SASF aangegaan, is beperk tot die onbetaalde gedeelte van sy/haar lidmaatskap en heffings gelde.

**Artikel 17.2.2.3**                Geen lid van die uitvoerende bestuur mag as ouditeur van die SASF aangestel word nie.

**Artikel 17.2.2.4                    Finansiële jaar**

Die finansiële jaar van die SASF strek van 1 November tot 31 Oktober die volgende jaar.

**SEKSIE 18                            ONTBINDINGS KLOUSULE**

**Artikel 18.1                        Ontbinding van die SASF:**

**Artikel 18.1.1**                    Die SASF kan ontbind word indien minstens twee derdes van die lede teenwoordig op 'n spesiale algemene vergadering wat vir dié doel belê is, ten gunste van ontbinding stem.

**Artikel 18.1.2**                    Daar moet minstens dertig (30) dae kennis gegee word van so 'n vergadering en die kennisgewing waarin die vergadering belê word, moet duidelik meld dat die kwessie van ontbinding van die SASF en beskikking oor sy bates oorweeg sal word. Indien daar nie binne 30 minute na die vasgestelde tyd vir 'n spesiale algemene vergadering 'n kworum teenwoordig is nie, word die vergadering vir 'n tydperk soos deur die president bepaal uitgestel. Indien daar by die uitgestelde vergadering weer nie 'n kworum teenwoordig is nie, vorm die aanwesige stemgeregtigde lede 'n kworum en behartig so 'n vergadering die sake waarvoor die oorspronklike vergadering belê is.

**Artikel 18.1.3**                    Indien daar by die ontbinding van die SASF enige bates hoegenaamd oorbly, nadat al sy skulde vereffen en verpligtinge nagekom is, sal die bates nie betaal word aan of verdeel word onder lede van die SASF nie, maar sal geskenk word aan 'n ander organisasie(s) waaraan geen amptenaar van die ontbinde SASF behoort nie (by voorkeur aan 'n organisasie(s) wat soortgelyke doelstellings as die SASF het) wat ingevolge die Wet op Fondsinsameling, 1978, gemagtig is om bydraes in te samel, wat die SASF aanwys op die spesiale algemene vergadering waar daar besluit is om die SASF te ontbind. Indien sodanige spesiale algemene vergadering nie tot 'n beslissing oor die beskikking van die bates kan kom nie, word die direkteur van fondsinsameling versoek om daaroor te besluit.

**Artikel 18.2                        Ontbinding van provinsiale bestuur deur die SASF:**

**Artikel 18.2.1**                    Waar daar grondige redes bestaan om te glo dat die optrede van die bestuur of organisasie van 'n geaffilieerde stoeivereniging sodanig is dat stoei of 'n stoeier daardeur benadeel word of benadeel kan word, mag die uitvoerende bestuur van die SASF ondersoek instel na die bestuur en/of organisasie van

so 'n stoeivereniging en sodanige stappe neem as wat nodig geag word om die bestuur en/of organisasie van die betrokke stoeivereniging reg te stel, of

**Artikel 18.2.2**

Die uitvoerende bestuur van die SASF mag die bestaande bestuur en/of organisasie van so 'n geaffilieerde stoeivereniging ontbind en in samewerking met die stoei klubs van so 'n geaffilieerde stoeivereniging 'n nuwe bestuur en/of organisasie aanstel, of 'n lid/lede van so 'n geaffilieerde stoeivereniging en/of organisasie van hul amp/ampste onthef en 'n ander lid/lede in die plek van sodanige lid/lede aanstel.

**Artikel 18.2.3**

**Bates en laste van stoeiverenigings**

**Artikel 18.2.3.1**

Die SASF is nie aanspreeklik vir enige skulde of laste van enige van sy stoeiverenigings nie, maar indien 'n geaffilieerde stoeivereniging om welke rede sou ontbind, moet die bates van die geaffilieerde stoeivereniging, nadat al sy skulde gedelg is, na die SASF oorgeplaas word en sal dit dan in trust deur die SASF gehou word.

Hierdie dokument is die vertaling van die 25 Oktober 2003 gewysigde engelse weergawe van die grondwet van die SASF met al die verdere wysigings, waarvan die laaste by die algemene jaarvergadering van die SASF van 14 Januarie 2017, gehou te Gauteng North Wrestling Hall, Pretoria, goedgekeur is.

Die amptelike gewysigde engelse weergawe is op 14 January 2017 onderteken deur die President van die SASF, Mnr Sakkie Bosse, en die Sekretaris-Generaal van die SASF, Mnr Manie van den Berg, en op leër by die kantoor van die Sekretaris-Generaal.

**BYLAES:**

- Bylae 1: SASF affiliasie aansoekvorm.
- Bylae 2: Gebiede beheer deur stoeiverenigings.
- Bylae 3: SASF nominasie vorm vir ampsdraers/lede van die SASF, lede van die SASF uitvoerende bestuur en/of rade/komitees.
- Bylae 4: Kleure en toekennings.
- Bylae 5: SASF tugkode en reëls, insluitend Griewe-Prosedure.
- Bylae 6: SASF gedragkode.
- Bylae 7: SASF beampteraad reëls.
- Bylae 8: SASF afrigtersraad reëls.
- Bylae 9: SASF medieseraad reëls.
- Bylae 10: SASF bemerkings en mediakomitee reëls.
- Bylae 11: SASF admin-raad reëls
- Bylae 12: SASF beplanningskomitee reëls.
- Bylae 13: SASF ontwikkelingskomitee reëls.
- Bylae 14: SASF regsadvieskomitee reëls.
- Bylae 15: SASF befondsingbeampte reëls.
- Bylae 16: SASF spanbestuurdersraad reëls.
- Bylae 17: Beleid vir affiliasie van assosiaat stoeiverenigings en ander assosiaat lede by die SASF
- Bylae 18: Besonderhede van enige wysigings of regstellings aan die oorspronklike gewysigde grondwet van die SASF, goedgekeur op 25/10/2003 in Pretoria en onderteken deur die president en die sekretaris-generaal op 29/11/2003.

